PRYS 30c

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1962

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde kerk

56ste JAARGANG

N U W E

Tudor Cambric

Die allernuutste in skryfblokke
In alle populêre groottes en kleure
met bypassende koeverte

★ **NUWE modieuse omslag**

★ **NUWE opwindende kleure**

★ **NUWE verbeterde papier**

★ **GEEN verhoging in kleinhandel-pryse**

NOU verkrygbaar van alle vooraanstaande winkels

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1962

REDAKSIE:

Ds. D. F. Erasmus, Snr.
Hoof-redakteur.

Ds. S. E. Young

en

Ds. H. M. J. Kramer

Redakteur van Statistieke:
Mnr. A. B. van N. Herbst

Prys 30c

56ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Posbus 171, Krugersdorp

Bestel nou vir Julie — Augustus 1962

Vrugtebome, Rose, Sierbome, ens.

Alle Landboukoöperasies in Suidelike Afrika is ook vir ons agente

Rand Gold Nurseries

(S. J. du Plessis en Seun)

Posbus 278 — Foon 660-1026
KRUGERSDORP

CNA *is 'n goëlaarshoed, waaruit —*

BOEKE
TYDSKRIFTE
SKRYFBEHOEFTES
GRAMMOFOONPLATE
PENNE EN
GROETEKAARTE

kom — in feite alles behalwe hasies

★

Daar is 'n CNA winkel naby waar u woon, propvol aangename verrassings vir u!

Sentrale Nuusagentskap

INHOUD

Woord vooraf 7

Kerklike en ander gedenkdae in 1962 9

Historiese kalender 11

Alfabetiese lys van diensdoende predikante 33

Boodskap aan ons lesers (A. J. G. Oosthuizen) 35

Die Republiek van Suid-Afrika (D. F. Erasmus, snr.) 37

Die gemeente Rensburgrus (J. Breytenbach) 43

Die laaste hoofstuk (D. F. E., snr.) 51

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Tsumeb (J. P. Snyman) 56

P. J. v.d. Merwe 'n kort lewenskets (W. P. v.d. Merwe) 59

'n Kykie in die verlede (D. F. E., snr.) 66

Inhoudopgawe oor die jare 1947-1961 (W. J. Engelbrecht) 72

Studente 81

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 83

Kaapse predikante voor 1814 86

Vroeëre predikante sedert 1853 87

Diensdoende predikante op 15 September 1961 89

Vroeëre professore 94

Professore en lektore 94

Studente 94

Statistiek van gemeentes 95

Ringe en gemeentes 96

N.H.S.V. 210

Universiteits- en skoolkalender 218

Lede van die ondersteuningraad 222

Alfabetiese lys van gemeentes 225

U Erfenis aan die Nageslag



Pragtige kerkmeubels keurig vervaardig deur

S.A.T.I.M.

S.A. Timber and Joinery Works (Edms.) Bpk.

★

WERK TEN VOLLE GEWAARBORG

★

Preekstoele — Kerkbanke — Kerkmeubels
Deure — Houtwerk

★

S.A.T.I.M.

TELEFOON 33-5472/3 POSBUS 6680
Kosterstraat 3, Booysens,
JOHANNESBURG

WOORD VOORAF

Met hierdie uitgawe verskyn die 56ste uitgawe van ons Almanak.

Die Redaksie bedank alle medewerkers hartlik vir belangelose hulp. Insonderheid 'n woord van opregte dank aan ds. W. J. Engelbrecht wat weer gesorg het vir 'n waardevolle inhoudsopgawe. Dis 'n tydrowende en moeisame werk en hy verdien ons waardering daarvoor.

Na mate ons Kerk en sy werksaamhede uitbrei, neem die tweede afdeling van ons Almanak wat op die leesstof volg en waar ons Administrateur mnr. A. B. v. N. Herbst verantwoordelik voor is, steeds in belangrikheid toe; dit bevat 'n ryke skat van gegewens wat onmisbaar is vir elkeen wat op die hoogte wil wees met die bedrywighede en groei van ons Kerk.

'n Woord van opregte dank ook aan die N.H.W.-Pers vir die hartlike samewerking.

Mag ook hierdie uitgawe 'n wye verspreiding geniet.

Daniël F. Erasmus, Snr.

Ventersdorp.

Weblers

STAALVENSTERS

(EDMS.) BPK.

Posbus 15, Luipaardsvlei **Foon 660-2449**
763-3504

FREDERICK COOPERLAAN — FACTORIA
KRUGERSDORP

Vervaardigers van :

Vensters

VIR HUISE, KERKE, SKOLE EN INDUSTRIËLE GEBOUE

Spreek ons gerus vir u benodigdhede t.o.v.

DEURE en STAALVENSTERS

Kerklike en ander Gedenkdae in 1961

Nuwejaarsdag	1 Januarie
Eerste Lydensweek	4 Maart
Tweede Lydensweek	11 Maart
Derde Lydensweek	18 Maart
Vierde Lydensweek	25 Maart
Vyfde Lydensweek	1 April
Van Riebeeckdag	6 April
Sesde Lydensweek	8 April
Dankdag vir die oes	8 April
Sewende Lydensweek	15 April
Goeie Vrydag	20 April
Paassondag	22 April
Paasmaandag	23 April
Hemelvaart	31 Mei
Republiekdag	31 Mei
Pinkstersondag	10 Junie
Gesinsdag	9 Julie
Bartholomeüsdag	24 Augustus
Setlaarsdag	3 Sept.
Heldedag	10 Oktober
Biddag vir die oes	14 Oktober
Hervormingsfees	28 Oktober
Eerste Adventsweek	2 Desember
Tweede Adventsweek	9 Desember
Derde Adventsweek	16 Desember
Geloftedag	16 Desember
Vierde Adventsweek	23 Desember
Kersfees	25 Desember
Tweede Kersdag	26 Desember
Oujaarsdag	31 Desember



BOUERS VAN
DEFTIGE

**PYP-
ORRELS**

vir

MEER AS 'N
HALWE EEU

•

BEROEMD VIR
KLANK

•



COOPER, GILL & TOMKINS
(Edms.) Bpk.

Die firma met tradisie!

Staibstraat 33, Nu-Doornfontein, Johannesburg
Tel. 22-8718

STEMKONTRAKTE — GEHOORTOESTELLE
KERKKLOKKE

Ook te: Kaapstad, Durban, Port Elizabeth.

JANUARIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		2 Volmaan ... ... 1.06 vm. 10 Laaste Kwartier... ... 5.03 vm. 16 Muwemaan ... ... 10.30 nm. 23 Eerste Kwartier... ... 6.14 nm. 31 Volmaan ... ... 8.47 nm.		
			vm.	nm.
M	1	Verskyning van die Almanak, 1907.	5 18	7 05
D	2		5 19	7 05
W	3		5 19	7 05
D	4		5 20	7 05
V	5		5 21	7 04
S	6	Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857	5 22	7 04
S	7		5 23	7 04
M	8		5 23	7 04
D	9		5 24	7 04
W	10		5 25	7 04
D	11		5 26	7 04
V	12		5 26	7 04
S	13		5 27	7 04
S	14		5 28	7 04
M	15		5 28	7 04
D	16		5 29	7 04
W	17		5 30	7 04
D	18	Eerste Gekomb. Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746.	5 30	7 04
V	19		5 31	7 03
S	20		5 32	7 03
S	21	Gemeente van Rustenburg gestig, 1850.	5 33	7 03
M	22		5 33	7 03
D	23		5 34	7 03
W	24		5 35	7 03
D	25		5 35	7 03
V	26		5 36	7 02
S	27	Ds. A. J. Begeman te Pretoria bevestig, 1861.	5 37	7 02
S	28		5 38	7 02
M	29		5 38	7 02
D	30	Die Holl. taal in Kaapse Geregshowe belet, 1824.	5 39	7 01
W	31		5 40	7 01

S.A.O.B. PYPORRELS

Vir Kerksaal, skool en huis teen pryse vanaf minder as R1,400 — oprigting ingesluit, 15 jaar skriftelike waarborg, Herbouing, elektrifisering en herstelling van bestaande orrels teen redelike pryse.

LUIKLOKKE EN SPEELKLOKKE — TORINGHORLOSIES



N. H. GEMEENTE, NEWLANDS.

KLANKVERSTERKING EN AKOESTIEK-VERBETERING — DOWEGEHOORTOESTELL —

Na ontvangs van 'n poskaart of foonoproep word volledige besonderhede aan u gestuur.

Suid-Afrikaanse Orrelbouers (Edms.) Bpk.

Fabriek en kantore: Pretoriusstraat 157, Silverton, Tvl.
Telefoon 76-4844/5
Posbus 200
Tel. Adres: „Diapason".

VERTEENWOORDIGERS EN TAKKE:

Tel.: 553848. Kaapstad: **Bloemfontein: Tel.: 4969** **Durban: Tel.: 79895.** **Port Elizabeth: Tel.:25879.**

FEBRUARIE, 28 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		8 Laaste Kwartier... ... 6.50 nm. 15 Nuwemaan... ... ... 10.11 vm. 22 Eerste Kwartier... ... 10.35 vm.		
			vm.	nm.
D	1		5 41	7 00
V	2		5 42	7 00
S	3		5 43	6 59
S	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838.	5 44	6 58
M	5		5 44	6 58
D	6		5 45	6 57
W	7		5 46	6 57
D	8		5 47	6 56
V	9		5 47	6 55
S	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859.	5 48	6 55
S	11	Ds. M. J. Goddefroy te Lage-Zwaluwe georden, 1877.	5 49	6 54
M	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932.	5 49	6 53
D	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858.	5 50	6 52
W	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840.	5 51	6 52
D	15		5 52	6 51
V	16		5 52	6 50
S	17	Voortrekkerlaer by Moordspruit uitgemoor, 1838.	5 53	6 49
S	18	Martin Luther oorlede, 1546.	5 54	6 48
M	19		5 54	6 48
D	20	Die Gemeente Ventersdorp gestig, 1892.	5 55	6 47
W	21		5 56	6 46
D	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857.	5 56	6 45
V	23	Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842.	5 57	6 45
S	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866.	5 58	6 44
S	25	Kerk van Pretoria ingewy, 1905.	5 59	6 43
M	26		5 59	6 42
D	27	Die Gem. Johannesburg gestig, 1895.	5 59	6 42
W	28	Ds. P. van Drimmelen in Humpata oorlede, 1919.	6 00	6 41

DIE NIGEL 21 DORSMASJIEN

(MIDDELGROOTTE)
DORS MIELIES, KAFFERKORING, SONNEBLOM EN BOONTJIES.

Ekonomies, stewig, min slytdele, en aste draai op koeëllaers. Drom is 42 dm. lank. Spoed 800-1,100 o.p.m. Siwwekas 24 dm. x 108 dm., met 160-180 bewegings p.m. Gewig 4,130 pond. Het 4 wiele met 400 x 19 bande. Aan trekker gekoppel, is aandrywing van kragafnemer af. Perdekrag nodig, 26. Dryfband kan ook gebruik word met dryfkatrol aandrywing. Band 50 vt. x 6 dm. x 4 laag. Kos R34-11 (£17-1-1). Masjien is 21 vt. lank met voerbak 7 vt. 4 dm. wyd, 9 vt. 8 dm. hoog. Kan agter trekker aan van hoop tot hoop dors en dors ewe goed op 'n vloer. Stronke word van blare geskei. Omstandighede bepaal die vermoë van masjien as op die land gedors word.

Toebehore sluit in: 8 siwwe, 2 kruiskoppelaars, kompleet met teleskopiese as, 2 hout dryfstange, 4 hout vere, 5 sifboute (4 in masjien, 1 spaar).

Al die dryfbande wat aan die masjien gebruik word is saam met die gereedskap in die gereedskapkis gepak (hyserband is los op masjien). Dit het betrekking alleenlik tot kragafnemer-dryf.

Die masjien is kompleet vir die dors van Mielies, Kafferkoring en Sonneblom. 'n Model is beskikbaar vir die dors van Bone.

DIE MASJIEN IS NET SO GEWILD SOOS SY GROTER VOORGANGER —
DIE NIGEL 42 MIELIE DORSMASJIEN

PLAAS U BESTELLING VROEGTYDIG BY U NAASTE KOOPERASIE OF HANDELAAR OF BY DIE VERVAARDIGERS

HENRY • PLEN • IMPLEMENTE

VERVAARDIGERS (EDMS.) BPK.
POSBUS EN FOON Nr. 111
NIGEL

MAART, 31 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERING.	Sons	
Week.	Maand.		opg.	ond.
		2 Volmaan ... ... 3.35 nm. 10 Laaste Kwartier ... ... 4.58 vm. 16 Nuwemaan... ... ... 8.51 nm. 24 Eerste Kwartier ... ... 4.49 vm.		
			vm.	nm.
D	1		6 01	6 39
V	2		6 02	6 39
S	3		6 03	6 37
S	4		6 03	6 36
M	5		6 04	6 35
D	6	Gemeente Oos-Londen gestig, 1937.	6 05	6 34
W	7		6 05	6 33
D	8		6 06	6 32
V	9	Slagtersnek, 1816.	6 06	6 31
S	10		6 07	7 30
S	11	Lydenburg skei af 1857.	6 07	6 29
M	12		6 08	6 29
D	13	Hoeksteen Kerk Pretoria-Noord, 1954.	6 08	6 28
W	14		6 09	6 27
D	15		6 09	6 26
V	16		6 09	6 25
S	17		6 10	6 24
S	18	Sandrivier Konvensie te Rustenburg bekragtig, 1852.	6 10	6 23
M	19		6 11	6 22
D	20		6 11	6 20
W	21		6 12	6 19
D	22		6 12	6 18
V	23	Afkondiging van die vrede te Pretoria, 1881.	6 13	6 17
S	24		6 14	6 15
S	25		6 14	6 14
M	26	Eerste Kerkviering Herv. Gem. Potchefstroom, 1842.	6 14	6 12
D	27		6 14	6 12
W	28	Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913	6 15	6 10
D	29		6 15	6 10
V	30		6 16	6 09
S	31	Hoeksteen gelê van Johannesburg se Kerk.	6 16	6 08

Die P.U. vir C.H.O.

★ Spesiale voorligting aan eerstejaarstudente.
★ Spesiale aandag aan indiwiduele studente.
★ Voortreflike Studiegeriewe.
★ Gesonde Studentelewe.

Skryf aan:
DIE REGISTRATEUR, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.



Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

PYPORRELS

LUIKLOKKE
KARILJONNE
LUIMASJIENES
TORINGHORLOSIES
DOWEGEHOORTOESTELLE
NAGMAALSERVIESE
KANSELDOEKE

Nader ons vir GRATIS en Vakkundige Advies

MÜLLER
Orrelbouers (Edms.) Bpk.

Potchefstroom
Posbus 348. Tel. 64

Kaapstad
Posbus 33

Paardeneiland
Tel. 51-5912

APRIL, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		1 Volmaan ... ... 7.48 vm. 8 Laaste Kwartier... ... 12.16 nm. 15 Nuwemaan... ... ... 7.38 vm. 22 Eerste Kwartier ... 11.50 nm. 30 Volmaan ... ... 8.41 nm.		
			vm.	nm.
S	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917.	6 17	6 07
M	2		6 17	6 06
D	3		6 18	6 05
W	4		6 18	6 04
D	5		6 18	6 03
V	6	Aank. van Van Riebeeck in Tafelbaai, 1652. Gemeente Chrissiesmeer gestig, 1892.	6 19	6 02
S	7	Kerk van Nylstroom ingewy, 1922.	6 19	6 01
S	8		6 20	6 00
M	9		6 20	5 59
D	10		6 21	5 58
W	11	Ring van Potchefstroom, 1951.	6 21	5 57
D	12	Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913. Die eerste Anneksasie van Transvaal, 1877.	6 22	5 56
V	13	Ring van Volksrust, 1951.	6 22	5 55
S	14		6 23	5 54
S	15	Hoeksteen eerste Kerk, Ventersdorp, 1893.	6 23	5 53
M	16	Kerk op Randpoort ingewy, 1955.	6 24	5 53
D	17		6 24	5 52
W	18	Stigting Ring van Kaapland, 1958. Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851.	6 25	5 51
D	19		6 25	5 50
V	20	Hoeksteen Chrissiesmeer, 1892.	6 26	5 49
S	21	Ds. N. J. v. Warmelo oorlede, 1892.	6 26	5 48
S	22		6 27	5 47
M	23	Die Kerkraad Witfontein wil nie verenig nie, 1886.	6 27	5 47
D	24	Oudl. F. G. Wolmarans oorlede, 1872.	6 28	5 46
W	25	Protes van die Hervormers te Spiers, 1529—	6 28	5 45
D	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851.	6 29	5 44
V	27		6 29	5 43
S	28	Ring van Rustenburg, 1951.	6 20	5 42
S	29	Tweede Dorsland-trek, 1875.	6 30	5 41
M	30		6 31	5 40

Vergrotings in Lewenskleur

teen Billike Pyse

W. E. CAREY

Apteker

KRUGERSDORP

Koop direk van die fabriek

— — — EN BESPAAR!

★ **KOSHUISMEUBELS**

★ **VOUSTOELE**

★ **KERKMEUBELS, ens., ens.**

★

ONS IS VERSKAFFERS AAN DIE N.H. WEESHUIS, KRUGERSDORP EN TALLE ANDER INRIGTINGS

STEEL en BARNETT Bpk.

Posbus 3449 — **Tel. 869/2211**

JOHANNESBURG

— PROBEER ONS EERSTE —

MEI, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		7 Laaste Kwartier ... 5.58 nm. 14 Nuwemaan... ... ... 6.55 nm. 22 Eerste Kwartier... ... 6.19 nm. 30 Volmaan ... ... 6.38 vm.		
			vm.	nm.
D	1	Ring van Germiston, 1951.	6 31	5 40
W	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882.	6 32	5 39
D	3		6 32	5 38
V	4		6 33	5 37
S	5	Ring van Dullstroom, 1951.	6 33	5 36
S	6		6 34	5 36
M	7	Hoeksteenlegging nuwe Kerk Schweizer-Reneke, 1955.	6 34	5 35
D	8	Ring van Heidelberg, 1951.	6 35	5 34
W	9	Gemeente Soekmekaar gestig, 1953.	6 35	5 33
D	10	Hoeksteenlegging nuwe kerk Zeerust, 1952.	6 36	5 33
V	11	Ring van Heilbron, 1951.	6 36	5 32
S	12	Eerste Avondmaalsviering aan die Kaap, 1652.	6 37	5 32
S	13		6 38	5 31
M	14	Ring van Pretoria, 1951.	6 38	5 31
D	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909. Ring van Johannesburg, 1951 Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925.	6 39	5 30
W	16	Gemeente Losberg gestig, 1925.	6 39	5 30
D	17		6 40	5 29
V	18		6 40	5 29
S	19	Ring van Middelburg, 1951. Ring van Zeerust, 1951.	6 41	5 28
S	20	Kerk op Delmas ingewy, 1933.	6 41	5 27
M	21	Kerk op Coligny ingewy, 1955.	6 42	5 27
D	22		6 42	5 26
W	23	Gemeente Bothaville gestig, 1936.	6 43	5 26
D	24		6 43	5 25
V	25	Ring van Krugersdorp, 1951.	6 44	5 25
S	26		6 44	5 24
S	27	Aankoms van Ds. v. d. Hoff te Potchefstroom, 1853.	6 45	5 24
M	28	Ds. G. W. Smits oorlede, 1894.	6 45	5 24
D	29	Hoeksteen, Kerk te Randpoort, 1954.	6 46	5 24
W	30		6 46	5 23
D	31		6 47	5 23

Ontsteekte Mangels en Keelseer

Behandel met BUCCALENE

Wanneer die mangels ontsteek is, raak die hele gestel vergiftig — dis waar. Maar deesdae is die mense glad te geneig om hulle sommer te laat uithaal, in stede van eers 'n medisyne te gebruik. In sulke gevalle is BUCCALENE die aangewese middel. Dit is veral bedoel vir Vergrote Mangels, Kwaai Mangelontsteking, Keelseer, Verslapte Keelspiere en Keelvergifting. BUCCALENE laat die geswelde mangels spoedig sak, dood kieme en het 'n heilsame uitwerking op die gestel.

Volwassenes moet eers daarmee gorrel en dan die gegorrelde mondvol medisyne insluk. In die geval van babas of klein kindertjies word die mangels met BUCCALENE geverf.

BUCCALENE 65c per bottel by aptekers of posvry van
NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.



Ledig die Galblaas

VERWYDER VERSTOPTE GAL

Wanneer die gal in die galblaas verstop is, kan dit verwyder word deur 'n dosis van die Dr. Heinz-Lewersout, opgelos in 'n klein bietjie warm water, op die nugtermaag te drink. Die Dr. Heinz-Lewersout bevorder ook die werking van die lewer en niere, verwyder voedseloorskiet uit die maag en ingewande, en hou die bloed skoon.

'n Gereelde dosis van die Dr. Heinz-lewersout besorg wonderbaarlike verligting van die volgende kwale: Hoë Bloeddruk, Swaarlywigheid, Galblaasontsteking, Rumatiek, Kroniese Verkoues, Huidsiektes, Aambeie, Klein Galsteentjies, Hartaandoening, Rugpyn, Nierkwaal, Galagtigheid, Hardlywigheid, Môresiekte by swanger vroue, Sinkpyne en Slegte Spysvertering.

DR. HEINZ-LEWERSOUT

Te kry by alle optekers en medisyneverkopers teen 35c per bottel.

JUNIE, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		5 Laaste Kwartier... ... 11.19 nm. 13 Nuwemaan... ... ... 7.17 vm. 21 Eerste Kwartier ... 11.02 vm. 28 Volmaan ... ... 2.38 nm.		
			vm.	nm.
V	1		6 47	5 23
S	2	Gemeente Gwelo gestig, 1923.	6 48	5 23
S	3		6 48	5 23
M	4		6 49	5 23
D	5	Kerk te Newlands ingewy, 1954. Uitspraak Hoog. Ger. Hof in sake Trichardsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893.	6 49	5 23
W	6	Ring van Zoutpansberg, 1951.	6 49	5 23
D	7		6 50	5 23
V	8		6 50	5 23
S	9		6 51	5 23
S	10		6 52	5 23
M	11		6 52	5 23
D	12		6 52	5 23
W	13	Eerste Kerk van Ermelo ingewy, 1910. Gemeente Ladismith gestig, 1943.	6 53	5 23
D	14		6 53	5 23
V	15		6 53	5 23
S	16		6 53	5 23
S	17		6 53	5 23
M	18		6 53	5 23
D	19		6 54	5 23
W	20		6 54	5 23
D	21		5 54	5 23
V	22		6 54	5 23
S	23		6 55	5 24
S	24	Ouderling J. C. Coetzee van Zeerust oorlede, 1933	6 55	5 24
M	25		6 55	5 25
D	26	Gemeente Ebenhaezer gestig, 1937.	6 55	5 25
W	27	Gemeente Vliegepoort gestig, 1931.	6 56	5 26
D	28		6 56	5 26
V	29		6 56	5 27
S	30	Kerk Vliegepoort ingewy, 1951.	6 56	5 27

HIRSCHSON BROERS.

HORLOSIEMAKERS en JUWELIERS,

Voorraadhouers van:

Omega, Cyma, Eterna en Buren Horlosies,
Diamantringe en Verloofringe

★

Geskenke en Presentasies vir alle geleenthede

★

Foon 660-2018 — Ockersestraat 39 — Posbus 332
KRUGERSDORP

S.A. COMMERCIAL HOUSE
(EDMS.) BPK.

Gee u die Beste Diens en die Beste Kwaliteit

- **Ontsmettingsmiddels**
- **Ontsmettingstof**
- **Suiweringsmiddels**

REUKVERDRYWENDE-BLOKKE
POLITOER —— SEEP

Alle soorte skoonmaak en higiëniese stowwe

COMMISSIONERSTRAAT 279 **JOHANNESBURG**
Telefoon 24-6757 **Posbus 2849**

JULIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		5 Laaste Kwartier... ... 5.33 vm. 12 Nuwemaan ... ... 9.12 nm. 21 Eerste Kwartier ... 1.14 vm. 27 Volmaan ... ... 9.51 nm.		
			vm.	nm.
S	1	President T. V. Burgers ingesweer, Z.A. Rep., 1872.	6 56	5 27
M	2		6 56	5 27
D	3	Hoeksteen Kerk Boksburg gelê, 1943.	6 56	5 28
W	4		6 55	5 28
D	5		6 55	5 28
V	6		6 55	5 29
S	7	Kerk van Delareyville ingewy, 1928.	6 55	5 29
S	8	Gemeente Bloemhof gestig, 1916.	5 55	5 30
M	9		6 55	5 30
D	10	Calvyn gebore, 1509. Inwyding Kerk Zwartruggens, 1942.	6 55	5 31
W	11		6 55	5 31
D	12	Senator oudl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928.	6 54	5 32
V	13		6 54	5 32
S	14		6 54	5 33
S	15	Verlating van Schoemansdal, 1867.	6 54	5 33
M	16		6 54	5 34
D	17		6 53	5 34
W	18	Ring van S.W.A., 1951.	6 53	5 34
D	19		6 53	5 34
V	20		6 53	5 35
S	21		6 52	5 36
S	22		6 52	5 36
M	23	Gnl. Andries Pretorius oorlede, 1853.	6 52	5 37
D	24		6 51	5 37
W	25		6 51	5 38
D	26		6 51	5 38
V	27	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804.	6 50	5 39
S	28	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890.	6 50	5 39
S	29	Gemeente „V. d. Hoff" gestig, 1933.	6 49	5 40
M	30		6 49	5 40
D	31		6 48	5 41

CONSUL **ZEPHYR** **ZODIAC**

FORDSON EN DEXTA TREKKERS

GROSVENOR'S KRUGERSDORP

THAMES TRADER
VRAGMOTORS

ANGLIA **FAIRLANE V8** **PREFECT**

Commissionerstraat 66-68 **Telefoon 660-2171**

Met

Komplimente

van

Bowater Paper Co.

AUGUSTUS, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		3 Laaste Kwartier... ... 1.48 nm. 11 Nuwemaan ... ... 12.36 nm. 19 Eerste Kwartier... ... 12.52 nm. 26 Volmaan ... ... 5.14 vm.		
			vm.	nm.
W	1		6 47	5 41
D	2		6 46	5 42
V	3		6 46	5 42
S	4		6 45	5 43
S	5		6 44	5 43
M	6		6 44	5 43
D	7	Hoeksteen Benoni gelê, 1943.	6 43	5 44
W	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853. Eeufees te Rustenburg, 1953. Gemeente Vaalhartz gestig, 1940.	6 42	5 44
D	9		6 42	5 45
V	10		6 41	5 45
S	11		6 40	5 46
S	12		6 39	5 46
M	13		6 38	5 47
D	14	Ouderling F. P. H. Alberts van Humpata oorlede 1930.	6 37	5 47
W	15		6 37	5 48
D	16	Gemeente Vereeniging gestig, 1913.	6 36	5 48
V	17	Kerk van Venterskroon ingewy, 1889.	6 35	5 48
S	18	Ds. v.d. Hoff in Den Haag georden, 1852.	6 34	5 49
S	19		6 33	5 49
M	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653. Gemeente Rust der Winter gestig, 1938.	6 33	5 50
D	21		6 32	5 50
W	22	Eerste Weeshuis Kommissie Vergadering, 1922.	6 31	5 51
D	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665.	6 30	5 51
V	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572.	6 29	5 51
S	25	Aankoms van die Eerste Hugenote, 1688.	6 28	5 52
S	26		6 27	5 52
M	27	In gebruik neem van Bybel in Afrikaans, 1933.	6 27	5 52
D	28	Slag van Boomplaas, 1848.	6 26	5 52
W	29		6 25	5 53
D	30		6 24	5 53
V	31		6 22	5 54

PSL

DOOSLEGGERS, KONSERTINALEGGERS
PLATLEGGERS, TOEGANKLIKE LEGGERS

HANDTEKENING-KLADDERS
SEËLBOEKE
ENS.

●

U KAN HIERDIE BY U SKRYFBEHOEFTE-HANDELAAR VERKRY

Vervaardig deur

SILVERAY

Handelsnavrae:

PRESS SUPPLIES LIMITED

Posbus 7591	Posbus 2401	Posbus 1706
JOHANNESBURG	KAAPSTAD	DURBAN

Ook Voorraadhouers van:

PAPIER, DRUKKERSMASJINERIE EN -BEHORE

SEPTEMBER, 30 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERING.	Sons	
Week.	Maand.	2 Laaste Kwartier... ... 1.06 vm. 10 Nuwemaan... ... ... 4.50 vm. 17 Eerste Kwartier... ... 10.24 nm. 24 Volmaan ... ... 1.34 nm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
S	1	Gemeente Randpoort gestig, 1939. Transvaal geannekseer, 1900.	6 20	5 55
S	2	Ds. D. v.d. Hoff gebore, 1814. Kerk op Randpoort ingewy, 1939.	6 19	5 55
M	3		6 18	5 56
D	4		6 17	5 56
W	5		6 16	5 57
D	6		6 15	5 57
V	7		6 15	5 58
S	8		6 13	5 58
S	9		6 12	5 59
M	10		6 11	5 59
D	11		6 10	6 00
W	12	Eerste Kerk van Johannesburg ingewy, 1908.	6 09	6 00
D	13		6 08	6 01
V	14		6 07	6 01
S	15		6 06	6 02
S	16		6 05	6 02
M	17		6 04	6 02
D	18		6 00	6 03
W	19		6 01	6 03
D	20		6 00	6 04
V	21		5 59	6 04
S	22		5 58	6 05
S	23		5 57	6 05
M	24		5 56	6 05
D	25		5 55	6 06
W	26		5 54	6 06
D	27		5 53	6 07
V	28	Ring van Rhodesië, 1951. Kerk te Witpoort ingewy, 1912.	5 52	6 07
S	29		5 51	6 08
S	30	Ds. M. J. Goddefroy op Witfontein bevestig, 1887.	5 50	6 08

VOORBARIGE GRYS HARE

As die haarwortels te min natuurlike kleurstof afskei, veroorsaak dit Voorbarige Grys Hare. Die oorspronklike kleur kan egter herstel word deur die Spaanse Haarherstelmiddel aan te wend. Hierdie middel kleur nie die hare nie, maar versterk inderdaad die haarwortels en spoor hulle aan om weer die natuurlike kleurstof af te skei. So word die oorspronklike kleur van die hare dan herstel.

Getuienis: „Dit is verblydend om die uitwerking van die Spaanse Haarherstelmiddel te sien, en vandag sal ek gewis nie aarsel om dit by enigeen aan te beveel nie." — H.J.B. (Geval 978)

Die Spaanse Haarherstelmiddel

45c by Aptekers of posvry van
NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

„EK HET DAARDIE GELUI GEVREES"

„Elke nag het ek tot die vroeë oggendure wakker gelê en vreesbevange gewag vir die wekker se gelui, want dit het vir my nog 'n dag van spanning en kommer beteken. Die lewe het 'n las geword ...ek was uiters mismoedig. Toe het ek die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker geprobeer — en dit het 'n wonderbaarlike uitwerking gehad! Slaaploosheid en hoofpyn is iets van die verlede — en ek *sien* nou *uit* na elke dag."

'n Oorspanne senugestel kan diepliggende vrees, ondraaglike geestelike en liggaamlike lyding veroorsaak. Die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker versterk afgematte senuwees, verskaf nuwe energie en knap u hele senuwee-netwerk op, verryk die bloed en herstel brein- en selweefsel. *Voed* u senuwees met die . . .

DR. HEINZ
-SENUWEE-VERSTERKER

KALMEER EERS—HERSTEL DAN

By alle apteke vir 70c per bottel. Tablette, 70c per bottel.

OKTOBER, 31 DAE.

MAANSVERANDERING.

1	Laaste Kwartier... ...	4.10 nm.
9	Nuwemaan	8.53 nm.
17	Eerste Kwartier... ...	6.35 nvm.
23	Volmaan	11.31 nm.
31	Laaste Kwartier... ...	10.59 vm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
M	1		5 49	6 08
D	2	Slag van Vegkop, 1836.	5 48	6 09
W	3		5 46	6 09
D	4		5 45	6 10
V	5		5 44	6 10
S	6	Stigting van Barberton-gemeente, 1934.	5 43	6 11
S	7	Oudl. D. P. J. van Schalkwyk van Trichardts oorlede, 1911.	5 42	6 11
M	8		5 41	6 11
D	9	Ds. v.d. Hoff oorlede, 1881.	5 40	6 12
W	10	President Kruger gebore, 1825.	5 39	6 12
D	11	Zwingli gesneuwel, 1531. Hoeksteen Zwartruggens, 1941.	5 38	6 13
V	12		5 37	6 13
S	13	Amptelike opening N.H. Weeshuis, 1923.	5 36	6 14
S	14		5 35	6 14
M	15	Hoeksteenlegging Kerk te Pietersburg, 1892.	5 34	6 15
D	16		5 33	6 15
W	17		5 32	6 16
D	18		5 31	6 17
V	19		5 30	6 17
S	20	Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906.	5 29	6 18
S	21		5 28	6 19
M	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685.	5 28	6 19
D	23		5 27	6 20
W	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859.	5 26	6 20
D	25		5 25	6 21
V	26		5 24	6 21
S	27		5 23	6 22
S	28	Hoeksteen Kerk Melville, 1953. Kerk van Witbank ingewy, 1944.	5 22	6 22
M	29		5 22	6 23
D	30		5 21	6 23
W	31	Hervormingsdag Samekoms Ned. Herv. Kerk N.G. Kerk om oor Kerkvereniging te handel, 1882.	5 20	6 24

Belê met vertroue

Verhoog u bates. Belê *bankveilig* by Volkskas en benut voordelige rentekoerse op lang- of korttermyn. Spreek die bestuurder van u naaste Volkskas-tak oor die beleggingsgeleenthede wat u eie bank bied. Gunstige beleggingsfasiliteite is maar 'n deel van die volledige handelsbankdiens wat Volkskas tot beskikking van elkeen van sy klante stel. Ook u kan dit voordelig benut.

ARBEIDSAAMHEID

LANDMAN, SAKEMAN, GEWONE MAN . . . ALMAL VOEL TUIS BY

VOLKSKAS

BEPERK

(*Geregistreerde Handelsbank*)

Hoofkantoor: Pretoria

U eie bank

Agentskappe en verteenwoordigers dwarsdeur die wêreld

V7003423

NOVEMBER, 30 DAE.

MAANSVERANDERING.

8 Nuwemaan ... ... 11.59 vm.
15 Eerste Kwartier... ... 2.13 nm.
22 Volmaan ... ... 11.44 vm.
30 Laaste Kwartier... ... 8.19 vm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1		5 19	6 24
V	2	Eerste Alg. Kerkveg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1842.	5 19	6 25
S	3	Hoeksteenlegging eerste Ned. Herv. Kerk op Christiana, 1876.	5 18	6 25
S	4		5 18	6 26
M	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842. Aankoms van Ds. D. v.d. Hoff in Suid-Afrika, 1852.	5 17	6 26
D	6		5 16	6 27
W	7		5 15	6 27
D	8	Inwyding van Zeerust se Nuwe Kerk, 1952.	5 15	6 28
V	9		5 15	6 28
S	10		5 14	6 29
S	11	Martin Luther gebore, 1843. 1483	5 13	6 30
M	12	Inwyding Nuwe Kerk Schweizer-Reneke, 1955. Piet Retief gebore, 1780.	5 13	6 30
D	13		5 12	6 31
W	14		5 12	6 32
D	15		5 11	6 33
V	16	Pretoria aangelê.	5 11	6 34
S	17		5 10	6 35
S	18		5 10	6 36
M	19		5 10	6 36
D	20	Kerk Eldoret ingewy, 1921.	5 09	6 37
W	21		5 09	6 38
D	22	Gemeente Trichardts gestig, 1879.	5 09	5 39
V	23		5 09	6 40
S	24		5 08	6 41
S	25		5 08	6 41
M	26	Kerk van Memel ingewy, 1915.	5 08	6 42
D	27		5 08	6 43
W	28		5 08	6 44
D	29		5 08	6 44
V	30	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935. Kerk te Brakpan ingewy, 1946.	5 08	6 45

DESEMBER, 31 DAE.

MAANSVERANDERING.

8	Nuwemaan	1.52 vm.
14	Eerste Kwartier ...	10.06 nm.
22	Volmaan.....	2.42 vm.
30	Laaste Kwartier... ...	5.57 vm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1		5 08	6 46
S	2		5 08	6 46
M	3		5 08	6 48
D	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866.	5 07	6 49
W	5		5 07	6 50
D	6	Voortrekkergelofte, 1838.	5 07	6 50
V	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885.	5 07	6 51
S	8	Inwyding van die Kerk van Primrose, 1947.	5 07	6 52
S	9		5 07	6 52
M	10	Oudl. J. H. Vorster oorlede, 1942.	5 08	6 53
D	11		5 08	6 54
W	12		5 08	6 54
D	13		5 08	6 55
V	14		5 08	6 56
S	15		5 09	6 56
S	16	Hoeksteenlegging Middelburg se Kerk, 1896. Geloftedag. Slag van Bloedrivier, 1838.	5 09	6 57
M	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom geteken, 1856.	5 09	6 58
D	18	Eerste kerk van Vereeniging ingewy, 1915.	5 10	6 58
W	19		5 10	6 58
D	20		5 11	6 59
V	21		5 11	6 59
S	22		5 12	7 00
S	23	Kerkgebou van Kaapstad ingewy, 1956.	5 13	7 00
M	24		5 13	7 01
D	25	Kersfees.	5 14	7 01
W	26	Hoeksteenlegging van die Kerk Potchefstroom, 1859.	5 15	7 02
D	27		5 15	7 02
V	28	Hoeksteen gelê van die Eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700.	5 15	7 02
S	29	Kerk van Germiston ingewy, 1917.	5 16	7 03
S	30		5 17	7 03
M	31	Gemeente Heidelberg gestig, 1865.	5 17	7 03

ALFABETIESE LYS VAN PREDIKANTE IN DIE BEDIENING:

Alberts, A. N. J. D. 196
Bierman, P. J. L. 98
Bierman, P. W. A. 171
Booyse, J. J. 136
Booysen, D. J. 154
Booysen, F. J. Z. 162
Booysen, P. J. 170
Botha, C. G. 137
Botha, R. P. 133
Botha, S. J. 174
Brandt, A. 197
Breytenbach, J. 209
Buitendag, F. J. H. 198
Buitenweg, N. H. 196
Coetzee, G. C. 110
Coetzee, J. J. 165
De Lange, J. C. 199
De Wet, J. I. .....
Dreyer, D. J. 146
Dreyer, J. G. M. 96
Dreyer, T. F. 106
Dreyer, T. F. J. Snr. 125
Dreyer, T. F. J. 205
Dreyer, H. M. J. 98
Du Plessis, J. C. 134
Du Plessis, J. G. 128
Du Toit, D. J. A. G. 159
Engelbrecht, F. J. 112
Engelbrecht, J. J. Snr. 125
Engelbrecht, J. J. Jnr. 176
Engelbrecht, W. J. 150
Erasmus, D. F. Snr. 144
Erasmus, D. F. 149
Fourie, J. M. 172
Geyser, H. J. 114
Grobler, G. P. J. 124
Grobler, M. M. 122
Grobler, M. S. 202
Grobler, P. S. 164
Habig, W. G. 140
Heyneke, N. M. J. S. 139
Huyzers, W. F. H. 119
Jacobs, J. A. 135
Jacobs, P. T. 189
Janson, T. N. H. 130
Joubert, I. J. 174
Knottnerus, J. I. J. 209
Koekemoer, J. H. 162
Koekemoer, P. J. T. 187
Kotzé, E. C. B. 206
Kramer, H. M. J. 127
Kruger, J. C. 158
Kruger, P. J. 176
Kemp, W. J. 190
Labuschagne, F. du C. 194
Labuschagne, G. J. J. 108
Labuschagne, J. M. 110
Labuschagne, J. P. 203
Le Roux, L. M. 122
Mac Donald, A. T. 180
Mans, C. J. 106
Marais, J. S. 192
Marsman, G. H. J. 141
Mouton, J. F. 147
Muller, C. H. 173
Naudé, J. H. 99
Naudé, M. J. 121
Nel, L. A. 186
Nolte, A. J. 132
Oberholzer, J. P. 102
Oosthuizen, A. J. G. 117
Papp, K. 157
Pelser, G. M. M. 207
Prins, S. J. 118
Ras, A. 135
Rhoda, J. W. 129
Roos, G. J. J. 120
Roos, W. J. 118
Schroeder, J. A. A. A. 131
Smit, C. J. 103

Smit, J. A. 184
Smit, J. D. H. 130
Smit, J. J. 121
Smith, P. M. 116
Snyman, D. B. 109
Snyman, J. P. 183
Steenekamp, C. S. v. H. 171
Steenekamp, J. H. 168
Stoop, J. A. A. A. 165
Storm, J. D. 128
Stutterheim, J. F. 173
Swanepoel, J. A. 161
Swanepoel, S. J. 100
Van den Berg, C. L. 104
Van den Berg, J. P. 164
Van der Merwe, B. J. 159
Van der Merwe, W. P. 191
Van Heerden, P. W. 109
Van Jaarsveld, G. J. 148
Van Jaarsveld, P. L. 201
Van Niekerk, C. J. S. 137
Van Oosten, F. 103
Van Rensburg, J. B. J. 145
Van Rensburg, N. J. 178
Van Rensburg, S. P. J. J. 116
Van Schalkwyk, C. J. 145
Van Schalkwyk, M. J. 129
Van Staden, A. J. 119
Van Staden, B. J. 105
Van Staden, D. J. 154
Van Staden, G. C. 206
Van Staden, J. H. 144
Van Staden, J. L. 111
Van Staden, P. G. 200
Van Staden, P. S. 152
Van Tonder, J. A. P. 157
Van Wyk, P. A. R. C. 123
Venter, J. P. B. 105
Venter, P. J. J. 186
Venter, P. W. 97
Vermooten, S. 204
Viljoen, C. J. 204
Viljoen, J. A. 184
Viljoen, J. P. B. 155
Viljoen, S. P. 152
Visser, H. R. 123
Wolmarans, J. N. 153
Wolmarans, W. M. 113
Young, S. E. 143

ALFABETIESE LYS VAN DIENSDOENDE PROFESSORE EN LEKTORE

Engelbrecht, B. J.
Geyser, A. S.
Mulder, E. S.
Pont, A. D.
Van Selms, A.
Van Zyl, F. J.
Wolmarans, H. P.

BOODSKAP AAN ONS LESERS

Sedert die laaste verskyning van ons Kerkalmanak het ingrypende gebeurtenisse sowel op Kerklike as op Staatkundige gebied, plaasgevind.

Gedurende Desember 1960 het die Kerklike beraad op Cottesloe plaasgevind. Die besluite wat op die vergadering geneem is en die standpunt wat ons Kerk daar ingeneem het, het verreikende gevolge gehad. Die hele Kerklike publiek asook die volk is in beroering gebring. Die Kerk het meteens besef dat iets wat aan die wortels van ons Kerkboom al vir geruime tyd knaag, nou blootgelê is. Die vraag het allerweë ontstaan, hoe ver het hierdie ondermynende kwaad al gevorder.

Met veel groter onrus en bekommernis het lidmate van die N.G. Kerk hierdie vraag gestel. Daar was aanduidings dat die kwaad reeds onheilspellende afmetings in hul Kerk aangeneem het. Geen wonder dat sowel ons Algemene Kerkvergadering as die Sinode van die Transvaalse N.G. Kerk deur 'n emosioneel-swaargelaaide atmosfeer gekenmerk is gedurende die behandeling van die sake wat die Cottesloeberaad so pertinent op die voorgrond gebring het.

Ons Algemene Kerkvergadering het dan ook die stellingname van ons afgevaardigdes na Cottesloe met oorweldigende instemming goedgekeur, terwyl die besluite van Cottesloe en die bedrywighede van die wat ons Kerk in die rigting van die besluite wou stuur, met diepe verontwaardiging veroordeel en verwerp is.

Hoewel die Kerk al geruime tyd sterk getwyfel het of die koers van die Wêreldraad van Kerke Skriftuurlik verantwoord is, is alle twyfel nou weg. Die Kerk is oortuig dat die Wêrelraad 'n gevaar vir die Protestantse Christendom geword het. Die Kerk het dan ook met oorweldigende meerderheid besluit om sy lidmaatskap van dié organisasie te beëindig.

Daarmee is die saak egter nog nie afgehandel nie. Hoewel daar geen twyfel kan bestaan omtrent die Kerk se standpunt in verband met die verhouding van ons Kerk en die Bantoekerke nie, soos dit vasgelê is in Artikel III van ons Kerkwet, verander die besluite van die vergadering nog nie die sienswyse van hulle wat hierin van die Kerk verskil nie. Die Kerk sal dus dwaaslik handel as hy nou doodgerus sy hande vou en meen dat alles wel is. Daar sal voortdurend gewaak, gewerk en getuig moet word, sodat ons nie deur die stroom van die populêre wêreldmening weggespoel word nie en ons Kerk nie die slagoffer van hierdie „Social Gospel" word nie. In die nuwe bedeling waarin ons leef, sal voor-

ligting voortdurend gegee moet word. Die Kerk sal die geld moet vind om 'n stroom van voorligtingsbrosjures en ander leesstof te versprei. Want behalwe ons eie lidmate, moet ons hele volk voorgelig word. Wat op die Kerklike akker gebeur, gebeur ook in ons land onder ons volk. Hierdie gelykskakeling van alle mense en die daarmee gepaardgaande uitwissing van grense is die voorbereiding vir die verwesenliking van een groot Wêreldkerk en een groot Wêreldstaat.

Dit is dan ook nie vreemd dat die groot gebeurtenis van ons Republiekwording so 'n nuwe vloedgolf van teenkanting, vyandskap en sabotasie ontketen het nie. Die Ned. Hervormde Kerk van Afrika was in sy vroeë geskiedenis so nou verbonde aan die Republiek van Transvaal, dat die geskiedenis van ons Kerk en van Transvaal nie geskei kan word nie. Vir ons Kerk was dit dan ook 'n blye dag toe Suid-Afrika 'n Republiek geword het. Dit raak ons Kerk ten nouste dat die rassebeleid van die Republiek op allerlei wyse veroordeel word en elke poging om dit te laat slaag teengestaan, ondermyn en deur verdraaiings verdag gemaak word. Die stryd wat daar woed, beoog die ondergang van ons volk. Die wêreld wil ons onderploeg. Dit beteken ook die ondergang van ons Kerk, wat op sy beurt 'n geweldige terugslag vir die Evangelie sal beteken. Daarom is dit so noodsaaklik dat ons Kerk voorligting moet gee. Ons Kerk sal, soos in die verlede, in die afsienbare toekoms skouer aan skouer met die Staat moet stry, waak en werk. Laat ons ook altyd onthou ons bitterste vyande sit binne die grense van ons land.

Waar hierdie Almanak die eerste uitgawe in die Republiek van Suid-Afrika is, wil ons hom 'n lang, geseënde en vrugbare bestaan toewens en ons lidmate oproep om hom te lees en te versprei, en mag die Almagtige God en Vader van ons Here Jesus Christus ons Kerk, ons Land en Volk bewaar.

A. J. G. OOSTHUIZEN.
VOORSITTER: KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING.

DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
31 MEI 1961

(Dis gebruiklik om in elke uitgawe van ons Almanak 'n preek te plaas. Omdat hierdie uitgawe die eerste is sedert die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika, het ek dit goed gedink om die preek wat ek op die aand van 30 Mei 1961 in die kerkgebou op Ventersdorp gehou het, hier te publiseer.)

Dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekom het nie, want Sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke more nuut; U trou is groot. — Klaagl. 3:22, 23.

Gelees: Ps. 44: 1—9.

Gesing. Ps. 66:4, 5; 46:3, 6; 118:8; 33:9, 11.

As ons die geskiedenis van die wisselende lotgevalle van ons volk sou beskrywe van die eerste volksplanting van 1652 af tot vandag toe, sou ons moeilik 'n gepaster opskrif daarvoor kon vind as ons tekswoorde, waarin tegelyk volslae afhanklikheid van die barmhartighede en trou van God uitgedruk word. Om hierdie rede het ek dit gekies as uitgangspunt van ons oordenking vanaand.

Ons staan aan die vooraand van 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van ons land en volk. Dis gepas — en ook in ooreenstemming met die godsdienstige tradisie van ons volk — dat ons in die Huis van die Here byeenkom om gesamentlik die aangesig van die Here te soek waar nou 'n nuwe bladsy omgeslaan word.

Op Van Riebeeckdag 6 April jl. is die eerste Artikel van die ontwerp-grondwet wat die monargale staatsvorm van ons land omskep in 'n Republiek deur die Volksraad goedgekeur. Dit het presies 309 jaar gebeur nadat Jan van Riebeeck die bodem van Suid-Afrika betree het en die volksplanting hier gestig is. Drie eeue van geleidelike ontwikkeling waarin lig en donker, vreugde en droefheid, vervulde hoop en teleurgestelde verwagting mekaar afgewissel het, het sedert verloop, en by 'n onwillekeurige terugblik kan ons volmondig met die profeet bely dat dit die goedertierenhede van die Here is dat ons nie omgekom het nie, want Sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke more nuut; Sy trou is groot.

Hierdie dankbare getuienis moet dan ook die grondtoon vorm van ons stemming by hierdie geskiedkundige geleentheid.

Omdat ons op grond van die onderwys van die heilige Skrif aan die soewereine bestier van God glo, is ons oortuig daarvan dat daar onder die opperheerskappy van God niks

by toeval gebeur nie, en daarom staan dit vir ons vas dat God in Sy voorsienige bestel ons volk hier in die suidhoek van Afrika geplant het — 'n nuwe nasie met 'n eie roeping en bestemming. Die verantwoordelike instansies destyds het alleen maar 'n verversingstasie aan die Kaap beoog, maar God het gewil dat hier 'n nasie geplant sou word. Hierdie geloof aan die soewereine bestier van God vind uitdrukking in die woorde van een van ons gesange:

„Die stigting van 'n vaderland —
dit was die leiding van U hand."

In sy treffende rede op die Areopagus in Athene sê die apostel Paulus uitdruklik dat God uit een bloed al die nasies van die aarde gemaak het om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het. Ons volk vorm geen uitsondering nie. Ook aan ons volk het God nie alleen die aansyn gegee nie, maar ook 'n woonplek, 'n tuiste toegeken; en Hy het dit in Sy aanbidlike voorsienigheid so beskik dat nie die Rooms-Katolieke ontdekkers van die Kaap (die Portugese) hulle hier gevestig het nie, maar die calvinistiese Nederlanders wat 4 jaar voor die aankoms van Van Riebeeck seëvierend uit die bloedige 80-jarige vryheidstryd teen die Roomse Spanje getree het.

Die oorspronklike groepie aankomelinge is 36 jaar later aangevul deur die aankoms van die Hugenote wat ter wille van die vryheid van hulle godsdiens en gewete hierheen uitgewyk het. So is hier 'n nuwe volk gebore en wel uit stoere voorgeslagte wat staal in hulle bloed gehad het, in wie se oog die glans van beginselgetrouheid geblink het en wat alles op die altaar vir die behoud van die vryheid van hulle godsdiens, staat en gewete gelê het. Die drang na vryheid sit ons volk wat uit so 'n wortel stam, dan ook ingebore, soos dwarsdeur die geskiedenis heen blyk. In sy onoortreflike lied, „Die Pad van Suid-Afrika", skilder Langenhoven op ontroerende wyse hierdie vryheidstrewe met al die stryd en ontbering en teleurstelling en onuitblusbare hoop wat daarmee gepaard gegaan het.

Ons bring dankbare hulde aan die nagedagtenis van die geslagte wat ons voorgegaan het, wat koersvas op die ingeslae weg volhard het en wat die geloof aan hulle geroepenheid deur God lewendig gehou het. Die ideaal waar hulle met moeisame volharding en met verloëning van persoonlike voordeel na gestrewe het, maar waarvan hulle die verwesenliking nie belewe het nie, is uiteindelik onder die bestel van God bereik.

Maar hiermee is nie alles gesê nie, want dit beteken nou nie die end van die pad nie. Wat bereik is, moet be-

waar en uitgebou en verryk word. Ons kan nie verwag dat alles nou plotseling nuut sal word, dat alle vraagstukke nou opeens soos met 'n towerslag opgelos sal word en dat die moeisame tog van die vervloë jare nou meteens bekroon sal word met die rustige genot van die druiwe en granate van Eskol nie. Toe Israel die land van die belofte binnegetrek het, kon hulle nie op hulle louere gaan rus nie, maar hulle moes die inbesitneming daarvan deur stryd en voortgesette arbeid verseker. Ook vir ons lê daar 'n geweldige taak voor, waarvan die uitvoering onder die huidige troebele wêreldtoestande en met die oog op binnelandse rasseprobleme byna bomenslik genoem kan word. Dit sal nie anders kan nie, of daar sal van die seuns en dogters van Suid-Afrika sedelike moed en volgehoue harde werk geverg word om te behou en met vereende kragte uit te bou wat bereik is; kortom, bereidheid om te offer, met tersystelling van persoonlike oorweginge. Die dae wat kom, sal moet uitwys of ons bereid sal wees om te antwoord op die roepstem van Suid-Afrika en te offer wat hy vra! Ek dink hier aan wat ons onvergeetlike digter Leipoldt in een van sy vroegste gedigte ná die Tweede Vryheidsoorlog gesê het:

„. . . 'n Nasie groei
Nie somaar die koring op:
Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
Deur lewe ook word opgeprop."

Maar hiermee is ook nog nie weer alles gesê nie, want bo en voor alle dinge sal ons moet volhard in onwrikbare Godsvertroue en verkleefdheid aan die Bybel wat die bron van krag en hoop vir ons voorouers was en waardeur hulle gedra en onder die haglikste omstandighede met moed besiel is. „U was," so sing die digter van een van ons gesange,

„U was die God van hul vertroue,
U Woord die rigsnoer van hul hart;
slegs deur U hand is hul behoue,
gesterk, bemoedig in hul smart."

Ons kan die leiding en beskerming, die guns en seën van God nie ontbeer nie, en dit sou inderdaad 'n dwase onderneming wees om hiervandaan verder te trek as Hy nie Self met ons meegaan nie, want waar ánders lê die vaste grondslag van bestendige volksgeluk, en waar anders kán dit lê, as in die ongeveinsde erkenning van die oppergesag van God en in gehoorsaamheid aan Sy Woord as die enigste ware en betroubare maatstaf op alle lewensterreine? Drie en dertig jaar gelede het Langenhoven in 'n toespraak in die Paarl by geleentheid van 'n Geloftedag-

viering die behoud van die band met die God van ons vaders weer eens sterk beklemtoon. Hy het gepraat oor die erfenis wat ons vaders ons agtergelaat het, waarvan die Godsdiens die belangrikste is, en hy het ernstig gewaarsku teen die inruiling daarvan vir moderne klatergoud. Dit sal ons ondergang beteken. Die behoud van alles wat ons geërwe het, is ten nouste verbonde aan ons trou aan die God van ons vaders, het hy gesê. Wat sal daar van die Republiek van Suid-Afrika word en wat sal die handhawing van ons verworwe vryheid werd wees as ons volkslewe van sy historiese, sedelike en christelike wortel losgeskeur word? Waar lê die pleganker van die toekoms van ons volk as ons wegdwaal van die God van ons voorgeslagte en ons die lesse van die geskiedenis vergeet — die eindelose goedertierenhede en trou van God?

Ons moet as enkelinge en as huisgesinne (want hieruit bestaan ons volk) erns maak met die uitdruklike belofte maar ook duidelike waarskuwing van God, nl.: „Die wat My eer, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees." In die lig hiervan behoort dit vir ons duidelik te wees dat daar vir ons geen toekoms in die verskiet lê nie as ons meen dat ons God kan uitskakel en op eie bene staan, want dan sny ons ons af van die goedertierenhede van die Here waarin alleen ons behoud lê. Selfstandigheid buite God is geen seën nie, maar stuur op 'n onvermydelike afgrond af. Daarom het die profeet Jesaja sy volk teruggeroep na die wet en die getuienis, anders sou hulle, het hy gesê, 'n volk wees wat geen dageraad het nie. Laat ons dus toesien dat ons voortbou op hierdie grondslag wat deur geen stormgeweld weggeslaan sal word nie. Byna 100 jaar gelede het prof. Van Oosterzee in Nederland by geleentheid van 'n herdenkingsdiens gesê: „Waar God gedien word, word klein nasies groot." Dit moet vir ons onbeweeglik vas staan, dit moet ons onuitroeibare oortuiging wees dat ons toekoms alleen dan gewaarborg is as ons in die woorde van die psalmdigter „erken dat die Here God is; Hy het ons gemaak, en ons is Syne, Sy volk en die skape van Sy weide".

As hierdie belydenis ons persoonlike belewenis is en ons volstandig weier om voor ander gode te kniel, dit wil sê nie ons hulp en heil buite God om soek nie, wie sê vir ons tot wat groots ook ons land nog deur God bestem is? Onweerswolke mag dan nog wel saampak, maar ons vrees nie; hulle sal omsoom wees deur die silwerrand van die trou van God; agter die onheilswolke sal die geloofsoog die glans van die goedertierenhede van die Here s i e n skitter!

Ons kyk dankbaar terug op die weg waarlangs die Here onse God ons vanaf ons volkswieg gedurende drie eeue so duidelik gelei het en getuig met die digter van ges. 171:

„Wat U, o God, aan voorgeslagte
gedaan het, kan ons nooit vergeet.
Toe hul van wrede vyandsmagte
verduur het soveel pyn en leed,
het U verhoor die smeekgebed
en hul erbarmend uitgered."

Ons begin was klein, ons kragte gering, die taak groot, die gevare talryk, maar oorvloedig ook was die eindelose barmhartighede van die Here en groot ook die trou wat Hy aan die planting van Sy hand bewys het. In die loop van die tye is ons volksbestaan meer as eenmaal ernstig bedreig en was alle uitsig versomber; dit het dikwels gelyk asof ons voor 'n gapende afgrond staan en net 'n wonderwerk ons voortbestaan sou kon verseker. Maar . . . die wonder het telkens weer geskied: die wonder van die goedertierenhede van die Here, waaraan ons dit te danke het dat ons nie omgekom het nie.

En nou, die toekoms?

By al die hooggespanne verwagtinge wat daar gekoester word sou dit kortsigtig wees om uit die oog te verloor dat dreigende onweerswolke op die gesigseinder saampak en duistere magte werksaam is wat mik op die oorweldiging van die blanke beskawing en tegelyk van die Christendom ook in ons Vaderland. Dit is so, dat aan alle kante wesenlike gevare van velerlei aard dreig, gerugsteun en aangevuur deur die geweldige mag van die leuen, waarvan ons die omvang en doelgerigtheid nie mag onderskat nie.

Is daar êrens 'n ligpunt, 'n anker in die branding?

Ek wil hierop antwoord deur net twee geskiedkundige gebeurtenisse te noem.

(a) Tydens die langdurige en oënskynlik hopelose bloedstryd waarin die protestantse Nederlande teen die Rooms-Katolieke Spanje gewikkel was, het die Stadhouer van Prins Willem van Oranje in Noord-Holland gemeen, veral na die val van die stad Haarlem, dat alles verlore was en het dit volgens menslike berekening onmoontlik geag om die ongelyke stryd langer vol te hou, tensy Willem van Oranje met die een of ander moontheid 'n vaste verbond sluit.

Maar ondanks die benarde toestand waarin die land verkeer het en in weerwil van die feit dat die toekoms vir die beproefde en uitgeputte volk heeltemal uitsigloos gelyk het, was Willem van Oranje se vertroue op God onbeweeg-

lik en sy moed onuitputlik; en dit was toe dat hy die onsterflike woorde uitgespreek het: „Waarom so maklik verskrik en byna alle manlike kloekheid afgelê?" het hy gevra, en daar bygevoeg: „Wees gerus. Voor ek die beskerming van die Christene in hierdie lande op my geneem het, het ek met die alleropperste Potentaat van alle potentate 'n vaste verbond gemaak, en ek is ten volle versekerd dat ons en al diegene wat daarop vas vertrou, deur Sy geweldige en magtige hand oplaas nog bevry sal word." En so het dit ook ten slotte gebeur. God het Hom 'n God van verlossing betoon. Die vryheid van die Nederlande is solied gegrondves.

(b) Die tweede is uit die gewyde geskiedenis — baie eeue vroeër, maar nog dieselfde God. Die profeet Elisa bevind hom in Dotan, 'n dorpie 10 myl noord-oos van Samaria. Die koning van Aram stuur wederregtelik perde en strydwaens en 'n swaar leër na Dotan, in die hart van Israel se grondgebied, met die bedoeling om Elisa gevange te neem. In die nag omsingel hulle die dorp.

Toe die dienaar van Elisa die volgende more vroeg opstaan en merk hoe volkome die dorp ingesluit was, roep hy paniekbevange Elisa toe: „Ag, my heer, hoe sal ons maak?" Rustig antwoord die geloofsheld Elisa: „Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is." Want wat het geblyk? Op die gebed van Elisa dat die Here vir die dienaar die hoër beskerming wat vir die natuurlike oog onsigbaar is, moet laat sien, het die vreesbevange dienaar gewaar dat die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa was. Benewens die swaar heidense leër, was daar — onsigbaar vir die liggaamlike oog — 'n strydmag van engele, stralende van bo-aardse gloed, wat God vir die bevryding van Elisa gestuur het. Ons het mos pas ook saamgesing:

Die HEER sal in gevaar
Sy leërs om ons skaar,
oneindig in getal.

Met verootmoediging voor God, en die smeekbede om Sy bewarende genade, gaan ons die toekoms tegemoet in die welversekerde geloof dat die barmhartighede van die Here geen einde het nie en elke more nuut is, en dat Sy trou groot is.

Amen.

DANIËL F. ERASMUS, SNR.

Ventersdorp,
Republiekdag.
31 Mei 1961.

DIE GEMEENTE RENSBURGRUS, 1910-1960

Toe die Voortrekkers uit die Kaap getrek het, het seker nie een van hulle kon droom dat die voorpunt van die trek nog eendag anderkant die ewenaar sou gaan uitspan nie. Tog het die Voorsienigheid dit so gewil dat die Afrikanernasie wat Hy geplant het, meer as 4,000 myl die binneland in sou gaan om daar ook 'n Christelike beskawing te bring.

Dat avontuurlustiges so ver trek, is nie so besonders nie, maar dat huisgesinne so 'n tog onderneem, is beslis nie alledaags nie. Hierdie mense wat hulle so ver van hulle geboorteland af begewe het, het na Oos-Afrika gekom omdat hulle geen toekoms gesien het in 'n platgeslaande deur oorlog vernielde Vaderland nie. Hulle het hier in die noorde 'n tuiste kom soek vir hulleself en hulle nageslag.

Reeds in 1904 het daar enkele Afrikaners verhuis na Oos-Afrika. In 1906 het 'n ekspedisie, waaronder J. J. van Rensburg, kom ondersoek instel na die moontlikhede van die land. Die grond is aan hulle aangebied om te bewoon, indien hulle meer as 25 huisgesinne kon kry om hulle in Kenia te vestig. Die land het die mense baie geval want die grond was vrugbaar, die reënval goed, die wild volop en die blankes min. Die hooglande was veral die aantrekkingskrag omdat die klimaat daar die aangenaamste was en min of meer ooreengestem het met die somerklimaat van die Hoëveld van Transvaal, waarvandaan die meeste mense ook gekom het.

Aan die begin van Mei 1908 het die trek begin. Oom Jan Janse van Rensburg was die leier van die 45 gesinne wat besluit het om 'n boot te huur en te trek na die vreemde. Die boot het hulle £1,500 gekos en hulle kon al hulle benodigdhede soos waens, gereedskap, ens., oplaai tot in Mombasa. Daarvandaan het die reis per trein omtrent 400 myl die binneland in gegaan tot by Nakuru, waar die trekkers in Oktober aangekom het. Hier is halt gemaak by 'n sekere Arnoldi, 'n Afrikaner wat toe al naby Nakuru 'n plaas gehad het. Trekosse en vee is aangekoop en hulle het gereed gemaak vir die verdere tog per ossewa. Onderwyl het 'n kommissie vooruit gegaan om solank plase te gaan uitsoek. Die ossewatrek het nie langs gebaande weë gegaan nie en op baie plekke moes 'n pad oopgekap word deur die digte bos. Eindelik kon die mense uitspan in die omgewing van Eldoret en hulle plase in besit neem.

Die trek het bestaan uit lidmate van aldrie die susterkerke en in die begin is daar besluit om saam te werk. In-

dien daar 'n predikant van watter susterkerk ook al kom, sou hy algar bedien sonder dat die lidmate hulle kerk-identiteit verloor. Die godsdienstige lewe van die mense het intussen nie stil gestaan nie. Daar was mense wat bekwaam genoeg was om godsdiensoefeninge te lei en algou is daar op die plaas van Oom Jan van Rensburg 'n tydelike geboutjie vir die doel opgerig. Op ander plekke was daar ook sulke bymekaarkomplekke.

Die mense het baie gou probeer om 'n predikant te kry. Die eerste predikant wat die mense kom besoek het, was ds. Burger en hy het toe ook die Ned. Herv. of Gereformeerde gemeente Vergenoeg in Desember 1908 gestig.

In 1910 het ds. J. J. Kuhn gekom om die mense in Duits-Oos, die huidige Tanganjika, te besoek. Hy het aldaar 'n gemeente van die Hervormde Kerk gestig en toe ook verder noordwaarts gegaan om die mense in Kenia te besoek. Op 2 Desember 1910 is 'n stigtingsvergadering gehou en besluit om 'n gemeente te stig. Die naam van die gemeente sou Rensburgrust wees. Dit was die naam van die plaas van Oom Jan van Rensburg, die leier van die trek. Die tydelike kerkgeboutjie is opgeknap om as voorlopige kerk diens te doen. By die geleentheid is die eerste kerkraad gekies, nl. twee ouderlinge en twee diakens. As ouderlinge sou dien J. Janse van Rensburg en Hermanus Engelbrecht, terwyl Stephanus Adriaan Smith en Thomas Petrus Steenkamp as diakens diens sou doen. So het die gemeente Rensburgrust omtrent vyf myl ten noorde van Eldoret tot stand gekom. Saterdag 3 Desember is daar verskeie persone aangeneem en op die 4de Desember is die eerste gemeentekinders gedoop.

Hierdie gemeente sou baie lank sonder 'n eie herder en leraar moes klaarkom, want met ongeveer vyftig lidmate was dit vir die gemeente onmoontlik om 'n predikant te onderhou al sou hulle ook kombineer met die gemeente van Arusha. Buitendien het ons kerk in daardie tyd steeds 'n groot tekort aan predikante ondervind. Hulle het maar gehoop om gereeld besoek uit die Unie te ontvang. As mens so deur die kerkraadsnotules van daardie jare blaai, kry mens 'n idee hoe hierdie mense geworstel het om hulle kerkverband nie los te laat nie, hoe hulle telkens smeekbriewe na Transvaal gestuur het om 'n predikant oor te stuur om hulle kinders te doop, belydenis van geloof af te neem en aan hulle nagmaal te bedien.

In Augustus-September 1912 het ds. J. J. Kuhn weer 'n besoek aan die gemeente gebring. Net voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was ds. Kuhn weer op pad na die gemeente maar moes in Mombasa onverrigtersake

terugkeer omdat hy nie toegelaat was om te land nie. Hierdie jare was baie moeilik vir die gemeente, maar gelukkig kon daar darem gebruik gemaak word van die gewaardeerde hulp van die predikante van die susterkerke. Eers in November 1921 bring ds. L. E. Brandt weer 'n besoek aan die gemeente en by die geleentheid word die nuwe kerkgeboutjie van Rensburgrust wat op Eldoret opgerig is, ingewy. As u deur die Almanak blaai, sal u sien die datum word daar aangegee as 20 November 1921.

Die volgende besoek wat die gemeente ontvang, is van ds. H. P. Wolmarans aan die end van 1922. Professor Wolmarans kan nou nog interessante staaltjies van die gemeente in daardie dae vertel. Toe was 'n motor nog 'n seldsaamheid en die paaie ook glad nie geskik vir sulke vervoer nie. Die veiligste vervoer was maar nog die muilkar of oskar.

In Februarie 1924 bring dr. H. C. M. Fourie 'n besoek aan die mense in Oos-Afrika en bedien ook die sakramente. Hierna word die gemeente vereer met 'n besoek van ds. L. E. Brandt aan die end van 1925.

Ds. A. J. G. Oosthuizen het in November 1926 Eldoret besoek en ook verskeie kinders gedoop. Die volgende inskrywing in die doopregister is 26 Februarie 1928 toe ds. J. J. Prinsloo die gemeente besoek het. Daar is glo geen lidmaat wat deur ds. Prinsloo met sy afgemete deeglikheid oorgeslaan is nie.

Hierdie jaar was die gemeente gelukkig, want reeds in Desember 1928 ontvang hulle weer besoek van ds. P. S. Grobler. In Januarie 1930 bring ds. M. M. Grobler 'n besoek aan die gemeentes in Oos-Afrika en hierna is hulle vir meer as twee jaar sonder bediening, totdat ds. J. P. van der Berg hulle in Februarie-April 1933 besoek. In hierdie tyd het die gemeente vinnig gegroei omdat daar intussen weer meer mense uit die Unie gekom het, en dit het tyd geword om 'n ordentlike kerkgebou op te rig. Op 8 April 1933 is die hoeksteen van die nuwe dienlike kerkgebou dan ook gelê deur ds. J. P. van der Berg. Dit is die gebou wat vandag nog deur die gemeente gebruik word. 'n Gebou wat baie vir die gemeente beteken omdat dit deur swoeg en sweet daargestel is in die moeilike depressie-jare en omdat dit ook vir hulle die simbool is van hulle oorwinning. Ds. Van der Berg het weer in Januarie 1934 gekom.

Dit was 'n groot dag vir die gemeente toe hulle in Junie 1936 hulle eerste vaste leraar in die persoon van die jong ds. A. Brandt kon ontvang. Ds. Brandt het die gemeentes in Oos-Afrika bedien. Deur sy ywer en opoffering kon die gemeentes groei. Daar was nog baie skuld op die

kerkgebou en almal het saamgewerk om die skuld te delg. Met groot waardering word nou nog gepraat van ds. Brandt se werk, nie alleen deur die Hervormers nie, maar ook deur die lidmate van die susterkerke. Ds. Brandt was nog ongetroud en het by mense ingewoon. Soms het hy ook help skoolhou aan die destydse Afrikaanse skooltjie by Broedersstroom. Sy lidmate was versprei oor die hele Oos-Afrika en party het in die Kongo gewoon. Baie dae moes hy op die pad deurbring en soms is hy deur vol lope vir dae voorgekeer, ander dae het hy weer vasgeval in die modder, maar by dit alles het hy onverpoos voortgegaan met sy werk.

Ds. Brandt was wel in die Unie georden maar hy is eers na byna twee jaar verblyf in Kenia deur sy vader ds. L. E. Brandt hier bevestig.

In 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en baie mense moes na die front, aangesien Kenia 'n Britse kolonie is. Sommige het egter verlof gekry om die plase te bewerk. Die regering het ook 'n subsidie gegee vir grond wat bewerk word en dit het baie mense finansieel op die been gebring. Hierna het die boerdery ook snel vooruit gegaan want die hulpskemas van regeringsweë het baie mense in staat gestel om hulle plase behoorlik te ontwikkel. Dit het die gemeente ten goede gekom.

Gedurende die eerste helfte van 1940 — die laaste inskrywing in die doopregister deur ds. Brandt is 11 Februarie — het ds. Brandt 'n beroep na die kombinasie Memel-Glencoe aangeneem en die gemeente was weer herderloos. So het dit gebly tot Mei 1942 toe ds. A. Brandt weer 'n besoek aan die gemeente gebring het.

Na hierdie besoek van ds. Brandt moes die gemeente baie sukkel om weer 'n predikant te kry. Daar is etlike inskrywings in die doopregister van predikante van die susterkerke wat van ons gemeente kinders gedoop het. Baie mense het dan ook gedurende hierdie tyd na die ander kerke oorgegaan. Baie het hulle kinders ongedoop laat bly totdat daar 'n Hervormde predikant sou kom. So het dit gekom dat toe ds. J. J. Prinsloo teen die helfde van Junie 1947 die gemeente besoek, sommige dopelinge hulle eie doopbriefie ingedra het. Hierdie besoek sal nie maklik vergeet word nie, want baie reken dat dit die redding was van die gemeente wat toe al baie moedeloos was. Ds. Prinsloo het ook belowe om weer vir hulle 'n predikant te soek. In September 1948 neem ds. D. J. van Staden die beroep na die gemeente aan en hy word in Rensburgrus deur ds. Prinsloo bevestig.

Ds. Van Staden het hier 'n vrugbare dienstyd van amper sewe jaar deurgebring. Daar is 'n woonhuis in Eldoret aangekoop om as pastorie te dien en die kerkplein is ook verfraai. Ook mevrou Van Staden wat die eerste pastoriemoeder was, is baie bemind onder die gemeente vanweë haar werkywer in die Sustersvereniging. Finansieel was hierdie tyd dan ook seker die hoogty van die gemeente, wat nou reeds oor die 200 lidmate getel het. In ds. Van Staden se tyd is daar besluit om 'n nuwe pastorie aan te bou, asook 'n saal op 'n stuk grond wat al lankal vir die doel aangekoop is. Toe ds. Van Staden in Januarie 1955 die beroep na Lichtenburg aanneem, was die bouplanne vir die pastorie alreeds gereed. Na ds. Van Staden se vertrek het ds. C. L. van der Berg wat toe predikant van Arusha was, die gemeente tydelik bedien.

Die volgende predikant wat die beroep na die gemeente aanneem, is ds. C. J. Mans wat in Oktober 1955 hier bevestig word. Hy het vir amper vier jaar die herderstaf hier gedra. Intussen het daar ook al 'n gemeenteseun tot die bediening toegetree, nl. ds. J. B. J. van Rensburg wat begin 1954 beroepbaar gestel is en tans in Vryburg predikant is.

Nog voor ds. Mans se koms was daar al politieke moeilikheid in Kenia. Daar was verskeie vryheidsbewegings onder die naturelle, waarvan die Mau-Mau seker die bekendste en ook gewelddadigste was. Die regering het wel ingegryp en met geweld die vrede probeer handhaaf, maar die rus was eintlik vir goed daarmee heen.

Ds. Mans neem in Junie 1959 die beroep na Rustenburg-suid aan en die gemeente besluit om weer te beroep ondanks die merkbare agteruitgang wat daar in die gemeente te bespeur was. Dit was te meer nodig omdat Arusha ook nou vakant raak. In Desember 1959 het die huidige predikant hierheen gekom met die o p d r a g om Arusha ook te bearbei.

Wat 'n grootse ondervinding is dit nie om as predikant te dien in die mees noordelike gemeente van ons kerk nie! Vol verwagting het ons die reis onderneem en niemand kon my presies vertel wat ek hier te wagte kon wees nie. Met blydskap het ek gemerk dat die twee kerkraadslede wat ons op Nairobi-lughawe kom ontmoet het, nog van ons egte boeremense was, met die gasvryheid wat so spontaan kom. So het ons ook die hele gemeente gevind, mense wat nog vashou aan ons ou Boere-ideale en tradisies. Hier sou ons eers reg die onskatbare waarde van christelik-gesuiwerde volkstradisies leer ken. Dit is die houvas wat ons mense in staat gestel het om deur al die jare van afgesonderheid

en vreemde invloede van buite hulle volksverband nog getrou te bly aan hulle nasieskap. Hierdie nasieskap het dan ook eerstens beteken dat hulle hul kerk onder geen omstandigheid mag loslaat nie. En sinoniem met die vashou aan die kerk was die vashou aan die Woord van God as die hoogste norm van die lewe. Daarom dat hierdie mense geen opoffering te groot ag indien dit gaan om die bevordering van die kerk se belange nie. Ondanks die lang afstande, was die kerkbesoek dan ook altyd verblydend.

Algou kon ons egter ook merk dat die mense nie meer tuis is in die vreemde vaderland nie, maar dat hulle terughunker na die geboorteland van hulle vaders en grootvaders. Die redes hiervoor was ook algou duidelik: In hierdie land is nie meer 'n sekere toekoms vir hulle kinders nie. Dit is fataal vir die rustige boerebestaan, want sny 'n mens 'n boer se toekomsverwagting af, of al vertroebel jy dit net, dan smoor en verstik jy sy ideale onmiddellik. Hierdie toestand was nou vinnig besig om te ontwikkel. In Junie 1960 skok die Kongo-gebeure die mense nog verder en vernietig die bietjie vertroue wat hulle nog gehad het. 'n Paar van ons lidmate moes uit die Kongo padgee en die meeste van hulle besittings net so agterlaat. Dit het ons mense laat besef dat die valse, onverantwoordelike vryheidsbewegings wat oor Afrika kom, niks goeds vir die blankes inhou nie, dat alle veiligheidswaarborge so relatief is dat niemand sy toekoms daarop kan bou nie. Baie mense het dan ook besluit om so gou as moontlik terug te trek na Suid-Afrika.

Onder hierdie drukkende omstandighede het die vyftig-jarige bestaan van die gemeente aangebreek. Daar was nie veel geesdrif vir 'n groot feestelikheid nie en die kerkraad het besluit dat ons die heuglike dag sal gedenk tydens die gewone Nagmaalsviering van Januarie 1961. By die geleentheid word daar dan ook geleentheid gegee vir die aflegging van belydenis van geloof, omdat baie mense van plan was om voor Aprilmaand te trek. Baie graag wou ons al die vorige vaste predikante vir die geleentheid uitnooi, maar daar was eenvoudig nie fondse om die reiskoste van die Suide af te betaal nie. Skaars 'n maand voor die fees vra van die gemeentelede of dit dan nie moontlik is om 'n kollekte vir die doel onder die mense te hou nie. Die voorstel vind byval en algou was daar met die gulde bydraes van die mense genoeg fondse om aldrie die vorige predikante te laat kom.

Die uitnodigings is op die laaste gerig en gelukkig kon ds. A. Brandt en ds. C. J. Mans kom. Ds. D. J. van Staden was dus al een wat afwesig was toe die feestelike naweek

van 14 en 15 Januarie aanbreek. Daar was nie minder as 25 katkisante nie en die kerkplein het al twee weke voor die tyd vol tente gestaan, want hier is dit nog die gewoonte om by die aanneem-geleentheid by die kerk te gaan kampeer soos in die dae her.

Die Saterdag van 14 Januarie het ons toe die vyftigste verjaardag van die gemeente Rensburgrus feestelik herdenk, en by die geleentheid was daar ook twee Hollandse predikante, nl. di. De Lange en Meyers teenwoordig. Ds. Theron van die N.G. Kerk en ds. Opperman van die Gereformeerde kerk, die enigste ander predikante van ons susterkerke in Kenia, kon ongelukkig nie kom nie maar is deur ouderlinge verteenwoordig. Die middag is die voorbereidingsdiens deur ds. Mans gelei en die aand is die voorstelling van die nuwe lidmate deur ds. Brandt waargeneem. Sondag het ons Nagmaal gevier en die middag was daar doop. By elke geleentheid was die kerk stampvol en dit het baie mense ook bedroef dat dit waarskynlik die laaste keer sou wees wat almal so sou saamkom. Die aanddiens wat vir baie mense ook die afskeidsdiens uit die gemeente was, het nie sonder baie droefheid geëindig nie. Vir baie lidmate was dit die finale op 'n lewe van diens uit hierdie gemeente. Onder hulle was Oom Thom Steenkamp, een van die eerste diakens van die gemeente. Daarmee is die gordyn toegetrek oor die eerste vyftig jaar van ons enigste Hervormde gemeente noord van die ewenaar.

En nou wat sal die toekoms bring? God alleen weet, en Hy is die God wat ons in die verlede so trou behoed het dat ons sy toekoms met ons nie mag bevraagteken nie.

Die gemeente het gekrimp tot omtrent die helfte van die lidmate-tal wat dit gehad het en daar is nog steeds mense wat trek. Die donker vryheidswolke pak ook al digter saam oor Kenia. Baie mense word verteer deur die onsekerheid en die meeste maak planne om 'n nuwe toekoms te gaan begin drieduisend myl hiervandaan, waar hulle en hulle kinders blank kan bly in hart en huid.

Mag God gee dat ons almal ons hoofde sal kan ophef na bo vanwaar ons verlossing kom.

Naskrif: Hierdie artikel is nie bedoel om die volledige geskiedenis van die gemeente weer te gee nie, die taak sal ons liewer aan ons argivaris oorlaat. Dit word alleen geskryf om die gedagtes van ons kerkmense so 'n bietjie te trek na die gemeente van ons kerk wat die naam „Nederduits Hervormde Kerk" hier in die noorde waar hulle gedagtes soms nie gekom het nie, hoog gehou het en nog sal hoog hou, totdat die wit kerkie teen die heuwel nie meer

sy roepende kerkklok sal laat beier nie, omdat daar nie meer mense is wat die klokgeroep sal kan gehoorsaam nie.

Mag die lidmate wat hiervandaan weggegaan het dan ook deur hierdie herinnering aan die verlede aangespoor word om in die tradisie van hulle vaders die Kerk altyd hoog te hou en te ken, omdat die God wat leef en regeer tot in ewigheid, daar aanbid word.

J. BREYTENBACH, V.D.M.

Eldoret, Julie 1961.

Die erediens is die plek waar God spreek tot Sy volk. Reeds in die begin is daar met die bedienaar van die Woord as mondstuk die verklaring van God se kant dat Hy in vrede en genade tot Sy volk kom — dit is die heilige groet van die almagtige God aan Sy vergaderde gemeente. Dit is of Hy in die midde van Sy gemeente verskyn en die „Vrede vir julle!" oor Sy volk uitspreek. Die gedagtes van die gemeente moet dan ook na God uitgaan, die siel moet tot Hom opgehef word. Ook hier moet ons stry dat die wêreld nie op ons beslag sal lê nie. — Kerkblad.

DIE LAASTE HOOFSTUK

In baie Kerklike en godsdienstige tydskrifte en boeke, sowel binnelands as buitelands, word ons aandag met nadruk gevestig op die tekens van die tye, waaruit aan die hand van Bybelse gegewens die gevolgtrekking gemaak word dat die einde van die bedeling waarin ons lewe en wat met die eerste koms van Christus 'n aanvang geneem het, nie meer veraf kan wees nie; met ander woorde, dat ons in die eindtyd lewe.

As ons die lig van die profetiese gedeeltes van die Bybel, veral ook die voorspelling van die Here Jesus, op die huidige wêreldtoestand laat val, lyk dit inderdaad asof die geskiedenis van die wêreld afloop en ons die finale ontknoping daarvan met die wederkoms van Christus stellig gou kan verwag.

Niemand kan die tydstip van die wederkoms van Christus bepaal nie. Die dag en datum daarvan is vir ons verborge. Dit lê in die raad van God opgesluit. Die Here Jesus het ons nadruklik verseker dat van daardie dag en dié uur niemand weet nie, ook nie die engele in die hemel of selfs die Seun nie, maar net die Vader. En Hy het hierdie waarskuwing daarby gevoeg: „Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie."

Tog het Hy (die Bruidegom) Sy wagtende en verwagtende gemeente (Sy Bruid) nie heeltemal in die onsekere gelaat nie. Hy het in hierdie verband sekere voortekens genoem wat Sy wederkoms sou voorafgaan en aandui. Wanneer ons die dinge waarvan Hy gepraat het, sien gebeur, het Hy gesê, moet ons weet dat die einde naby is, voor die deur; en Hy het ons aangespoor om te let op die tekens van die tye. Ons kan van die vyeboom leer, het Hy gesê. Wanneer sy tak sag word en sy blare uitbot, weet ons dat die somer naby is.

Wanneer ons van die einde van die huidige bedeling praat, van die afwikkeling van die geskiedenis van die wêreld, verstaan ons nie daaronder dat dit nou die end van alles sal beteken nie, dat alles oplaas op vernietiging sal uitloop en daar geen verwagting of uitsig sal oorbly nie. Weliswaar gaan die wêreld in sy teenswoordige gedaante verby en sal die aarde en die werke wat daarop is, verbrand, soos die apostel Petrus dit so duidelik sê (2 Petrus 3), maar dit beteken nie dat die skepping van God in dié vuurgloed sal ondergaan en daar niks anders daarvan sal oorbly as net rook en as nie. Dit is nie so nie. Ons verwag volgens die belofte van God nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon (2 Petrus 3:13). Die

Bybel leer ons baie duidelik dat God die werke van Sy hande nie sal laat vaar nie. Die skepping, hoe ook al ontluister en deur die sondeval van die mens ontaard, is en bly die handewerk van God. Hy sal dit nie aan die vernietiging prysgee nie. Wel sal die oordeelsvuur daaroor gaan, maar uit hierdie louteringsvuur sal God nuwe hemele en 'n nuwe aarde tevoorskyn roep en sal die skepping in sy oorspronklike heerlikheid en glorie herstel word.

Daarom beskou die gelowige christen die naderende ondergang van die teenswoordige wêreld nie as 'n ramp nie. Die wederkoms van Christus sal beteken die volkome oorwinning van die ryk van die duisternis met al sy jammer en verdriet, die verwesenliking van die belofte van nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en heerlikheid en verheerliking vir die gemeente van die Here. Kortom, die wêreldeinde sal 'n nuwe, glorieryke begin inlui — 'n ewigheid van geluksaligheid. Om hierdie rede lê ons Kategismus dan ook nadruk op die besielende troos wat daar vir die volk van die Here opgesluit lê in die wederkoms van Christus.

Ek het so-ewe opgemerk dat daar teenswoordig in kerklike en godsdienstige geskrifte baie aandag gewy word aan die leer van die laaste dinge. Dat dit so is, verwonder ons nie, want dit lê tog voor die hand dat die Bybelgelowige die loop van die wêreldgebeure in die lig van die Woord van God sal probeer volg, verstaan en verklaar.

Maar wat baie opmerklik is en ons aandag verdien, is die merkwaardige feit dat daar gedurende die laaste 15 tot 20 jaar tal van geskrifte verskyn het uit die pen van mense wat vreemd teenoor die christelike geloof staan en wat in hulle geskrifte baie sterk beklemtoon dat die wêreldgeskiedenis afloop en die einde van die teenswoordige wêreld aanstaande is. Ek noem net 'n paar veelseggende titels van boeke (ek vertaal dit in Afrikaans): „Wêreldkrisis en wêreldkorrupsie", „Die einde van die Europese geskiedenis", „Minute voor middernag", „Die mens en die samelewing in nood", „Naby die afgrond", „Die naderende krisis'. So skrywe ook H. G. Wells in een van sy werke dat die einde van alles wat ons lewe noem, naby is en nie ontwyk kan word nie; ons word ál vinniger ingesuig in die maalstroom van vernietiging; ons wêreld is soos 'n konvooi skepe, verdwaal in die duisternis op 'n rotsagtige kus, met rusiemakende vrybuiters op die brug, terwyl wilde hordes langs die skepe opklouter om te roof en onheil te stig.

Hierdie en dergelike uitsprake van ongelowige kant, van mense wat nie die Bybel as die Woord van God aan-

vaar nie, is merkwaardig. Hulle gee een en almal uitdrukking aan 'n angstige voorgevoel van 'n naderende en onafwendbare ramp.

En hierdie verskynsel is des te merkwaardiger, omdat dieselfde mense tot onlangs nog gedroom het van 'n vrederyk op aarde en vir ons 'n Utopia voorgetower het!

Maar hierin lê daar vir ons as gelowiges 'n ernstige les opgesluit. As hierdie mense wat buite die kring van die geloof staan, deur die heersende wêreldtoestand só aangegryp word dat hulle tot die slotsom gedwing word dat die wêreld op 'n onvermydelike ondergang afstuur, moet ons wat die voorligting van die Bybel het, nie die erns van die tyd lewendiger besef nie? So ver terug as 1945 het Booth Tarkinton dit geskrywe: „Dis tyd om bang te wees. Van nou af is die volke van die wêreld soos 'n gesin in 'n huis, waarvan die mure uit dinamiet bestaan." Sedert 1945 het daar niks gebeur wat ook maar enigsins aanleiding kan gee om hierdie uitspraak terug te trek en dit met 'n minder strenge en verontrustende verklaring te vervang nie.

Dis baie opvallend dat die Bybel die tydperk wat met die eerste koms van Christus in Betlehem 'n aanvang geneem het, bestempel as die laaste tyd, en sedert is elke opeenvolgende geslag vermaan om die besef van die wederkoms van Christus lewendig te hou. „Kinders," so skrywe die apostel Johannes, „dit is die laaste uur." Die opeenvolging van die groot gebeurtenisse in die heilsplan van God soos dit in die loop van die geskiedenis van die wêreld sedert die skepping tot openbaring gekom het, word nou afgesluit met die wederkoms van Christus. Dis ál wat daar nog in die toekoms lê: die afsluiting van die huidige bedeling. Ons lewe nou, soos iemand dit êrens uitdruk, in die laaste minute van die laaste uur.

Daar is dan ook inderdaad genoegsame grond om die spoedige wederkoms van Christus te verwag. Ek noem net 'n paar besonderhede wat onmiskenbaar in dié rigting wys.

Vereers is daar die ontstellende toename in wetteloosheid, misdaad en sedeloosheid. Die Here Jesus het Self voorspel dat hoe nader die einde kom, des te groter afmetings die onregtigheid sal aanneem. En in Sy gelykenis van die onkruid onder die koring het Hy dit duidelik laat uitkom dat daar ook 'n voortgaande groei en ontwikkeling van die onkruid tot die oestyd toe sal wees. Ons belewe nou die tyd van die rypwording van die koring en van die onkruid. Die oestyd is op hande!

'n Uitstaande kenmerk van ons dae is ook die skaamtelose uitbuiting van alles wat op die geslagslewe betrek-

king het. Wat dit betref, heers daar 'n wêreldwye, ongetemde losbandigheid, en die satan rig sy venynigste aanvalle op die grondslae van die menslike bestaan en samelewing, naamlik die heiligheid van die huwelik, die gesinslewe en die onderlinge omgang tussen die geslagte. Waar hierdie fondamente so roekeloos en doelbewus ondergrawe word, moet noodwendig ineenstorting volg, en as ons mooi luister, hoor ons ook reeds onheilspellende kraakgeluide van die naderende ineenstorting.

Maar daar is meer. Daar is nog 'n besonderheid van 'n heeltemal ander karakter wat ons tot die oortuiging dwing dat die koms van Christus op hande is, en dis naamlik dit: van uit 'n geografiese (aardrykskundige) gesigspunt het die geskiedenis sy laaste hoofstuk bereik. Daar is nie meer nuwe wêrelddele wat ontdek, bewoon en ontwikkel kan word nie. Laat my verduidelik wat ek hiermee bedoel.

Aan die einde van die 15de eeu, net voor die Kerkhervorming, het dit gelyk of die wêreld sy eindstadium bereik het. Die Kerk van die donker Middeleeue het ontaard en in verval geraak en die westerse beskawing het daaronder gely. Maar God het deur die Kerkhervorming nuwe lewe aan Sy Kerk gegee en deur die ontdekking van destyds nog onbekende wêrelddele 'n nuwe tuiste vir Sy Kerk berei en sodoende die geskiedenis van die wêreld verleng — Hy het (om dit so uit te druk) 'n nuwe aardrykskundige lewensduur aan die geskiedenis gegee. Maar dis nou nie meer die geval nie. Daar is nou nie meer nuwe wêrelddele wat ontdek kan word en 'n nuwe lewensduur vir die volke van die wêreld kan verseker nie. Uit aardrykskundige oogpunt ook het ons die laaste hoofstuk van die geskiedenis bereik.

Hierby kom dat die Evangelie reeds oor die hele wêreld weerklink. Daar is nie 'n volk van betekenis wat hierdie boodskap nog nie gehoor het nie. Bring dit nou in verband met wat die Here Jesus in Sy profetiese rede gesê het: „Hierdie Evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis van al die nasies; en dan sal die einde kom."

Elke dag lewer nuwe getuienis dat die dag van die Here naby is. Ons sien dit ook in die ontwaking van die massas van Afrika en Asië, wat nie die knie voor Christus buig nie, maar hulle by die slagordes van die Antichris voeg.

Mag die alarmsinjale wat rondom ons opklink, ons tot onverminderde waaksaamheid aanspoor. „Versterk julle harte," sê die apostel Jakobus, „want die wederkoms van

die Here is naby . . . Kyk, die Regter staan voor die deur." Mag dit ook die Bruidskerk aanvuur om met groeiende heimwee en vernude drang om die koms van haar Bruidegom te bid — „Amen, ja kom, Here Jesus!"

D.F.E., SNR.

Dwase mense is volgens die spraakgebruik van die Ou Testament nie soseer mense wat verstandelik minderwaardig is nie, maar mense wat hulle lewe lei en hulle planne maak sonder om met God te reken.

Julle is die sout — nie die heuning nie — van die aarde.

DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN TSUMEB, S.W.A.

Die Ned. Herv. gemeente Tsumeb het op 2 Desember 1950 met 72 lidmate van die gemeente Grootfontein afgestig. Reeds vroeg die volgende jaar, in Januarie 1951, is 'n eerste poging aangewend om 'n saal vir die gemeente te bekom. Aan die Tsumeb-Korporasie (Kopermyn) is gevra dat hulle 'n saal moes bou en aan die gemeente moes verkoop, of dat hulle 'n saal moes bou en aan die gemeente moes verhuur. Die Korporasie het egter nie hulle weg hiervoor oopgesien nie, en die eerste poging het misluk.

Die gemeente het in die tussentyd tot aan die einde van 1960 dan van die Luthers-Evangeliese Kerk, dan van die skoolsaal, dan weer van die skoolklaskamers en dan weer van die Ned. Geref. Kerk gebruik gemaak om die eredienste in te hou.

Vroeg in Januarie 1952 is die Korporasie genader vir grond waarop later 'n kerk gebou kon word. In September daardie jaar het die Korporasie aan die gemeente 'n stuk grond 50 x 48 meters groot aangebied teen 'n bedrag van £300, maar die gemeente het dit later gekry vir £1. In Februarie 1954 het die Suidwes-Administrasie die grond egter afgekeur omdat hulle dit vir parkeerdoeleindes wou gebruik. In April 1955 is die Korporasie weer genader vir grond. Die Korporasie het dieselfde stuk grond aangebied. Die gemeente moes net in die koerant adverteer om te verneem of daar nie enige besware sou wees as die grond nie meer vir parkeerdoeleindes nie, maar vir kerkdoeleindes gebruik sou word. Daar was gelukkig geen besware nie en die gemeente kon voortgaan met die oordrag van die grond. 'n Geruime tyd het verloop voordat die grond uiteindelik in Oktober 1958 op die naam van die gemeente getransporteer is.

In September 1952 is daar 'n poging aangewend om £5,000 by die Korporasie te leen wat oor 'n sekere tydperk terugbetaal sou word. Hiervoor het die Korporasie ook nie hulle weg oopgesien nie en 'n tweede poging om 'n saal vir die gemeente te bekom, het misluk.

In daardie selfde tyd, September 1952, is daar 'n boukommissie gekies en 'n boufonds gestig. Met die stigting van die fonds is daar 'n bedrag van £76 ingesamel. Gedurende die eerste twee jaar het die fonds baie stadig gegroei, want in April 1954 was die fonds maar £275 sterk. Daarna het die fonds vinniger begin groei, sodat dit aan die einde van 1958 £1,474 sterk was. In Januarie 1959 het

die gemeente besluit dat alle basaaropbrengste uitsluitlik vir die boufonds gereserveer moes word, m.d.g. dat die fonds nou nog vinniger gegroei het en in Julie 1960 toe die gemeente begin bou het, was dit £2,586 sterk.

In Julie 1958 het die boukommissie 'n voorstel voor die gemeente gelê om 'n tydelike sinkgebou op te rig wat omtrent £2,000 sou kos, maar a.g.v. menigvuldige besware het hierdie voorstel geen byval by die gemeente gevind nie. 'n Derde poging het misluk.

'n Jaar later, in Julie 1959, het die boukommissie weer met 'n ander voorstel na die gemeente gekom en gevra dat die gemeente moes besluit om 'n klein kerkie vir omtrent £7,000 te bou of 'n saal vir omtrent £3,500. Die gemeente het besluit om 'n saal te bou en 'n bedrag van £275 is daardie aand onder die gemeentelede gekollekteer.

In Januarie 1960 het die boukommissie aan die gemeente verduidelik dat aan die opdrag om 'n saal vir omtrent £3,500 te bou nie voldoen kon word nie omdat die koste vir die beoogde saal nie £3,500 nie, maar £5,500 sou beloop. Omdat die koste vir die bou van 'n saal nou byna net so veel sou beloop as dié vir die bou van 'n klein kerkie, het die gemeente besluit om nie meer die saal te bou nie, maar liewer 'n klein kerkie. 'n Bedrag van £5,000 is geleen en in Julie 1960 is daar begin met die bou van die kerk wat die gemeente £6,950 sou kos.

Op Saterdag 15 Oktober 1960 is die hoeksteen van die gebou gelê en die bouwerk het so mooi gevorder dat die mooi kerkie waarna die gemeente so lank uitgesien het, op Saterdag 18 Februarie 1961 ingewy kon word. Dit was 'n onvergeetlike en heuglike dag wat God aan die gemeente geskenk het om ook in die groot voorreg te kan deel om 'n eie kerkgebou te hê waar Hy gedien en geëer kan word en waar die gemeente, saam as gelowiges, die Woord en Sakramente kan ontvang tot versterking van hulle geloof.

Die gemeente wat tans bestaan uit 123 lidmate wat hierdie groot taak feitlik op hom moes neem, hoop om aan die einde van 1961 £1,000 af te betaal. Die gemeente sal egter nog groot waardering hê vir gemeentes van ons Kerk wat deel in die groot voorreg om 'n eie kerkgebou te besit, wat reeds afbetaal is, as hulle aan hierdie klein gemeente in die Noorde van Suidwes sal dink om hom te help om ook sy kerkgebou so gou moontlik te betaal.

Ons bede is dat die Here die gemeente sal seën, want ons weet dat onder Sy seënende hand die vrug van die arbeid van elke lidmaat nie sal uitbly nie. Mag elke lidmaat

daarom getrou bly in sy plig en mag elkeen hom beywer in die geloof in Jesus Christus, want dan sal ons arbeid nie tevergeefs wees nie.

J. P. SNYMAN.

By volke waar die goddeloosheid toeneem en die Goddelike gesag asmede Sy instellinge verkrag word, is verval en ontbinding op te merk, en oplaas word hulle vernietig deur algehele verbastering en ontaarding — Van Baarle.

PETRUS JOHANNES VAN DER MERWE
'N KORT LEWENSKETS

Petrus Johannes van der Merwe is op 15 Maart 1887 in „Die Hoek", distrik Humpata, Angola, gebore as oudste kind uit die huwelik van Johannes Marthinus van der Merwe, gebore 12 Maart 1864, en Martha Maria Venter, gebore 9 Maart 1868, albei Dorslandtrekkers uit Transvaal wat op 29 Maart 1886 op Humpata getroud is.

Op 12 Februarie 1892 is Petrus se vader te Jamba oorlede. Na sy vader se dood het die gesin die ou woonhuisie verlaat en tydelik hulle intrek by die grootvader Petrus Johannes van der Merwe geneem. Baie dae hierna het die jong seun van vyf jaar saam met sy moeder onder 'n ou groot vyeboom naby die graf die dae deurgebring. Met die heengaan van sy vader het hy as kind die afskeid nie as sodanig kon begryp nie, maar namate die dae verbygegaan het, het hy alhoemeer bitterlik na sy vader verlang, toe het hy eers kon besef wat gebeur het. Vir die gesin moes die Psalmversie 'n onderskragende krag in die donker dae besit het:

„My siel, wat treur jy nog verslae
en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae;
strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod —
my redder is my God!"

Psalm 43 : 5

In Januarie 1893 het die moeder met haar vier kindertjies Petrus, Hendrina, Johannes en Johanna na die plaas van oupa P. S. Venter op die Rooibult getrek, waar hulle in 'n buite-vertrek gewoon het, totdat die weduwee-moeder met 'n latere intrekker J. P. van der Walt op 19 Februarie 1894 in die huwelik getree het. Daarna het die gesin op die aangrensende plaas van die oorlede vader gaan bly. Uit hierdie huwelik is gebore die kinders Gerbrecht, Martha, Johannes, Paul en Engela.

Die werk wat die jong Petrus moes doen, was dié van seker enige kind van daardie dae in dié omgewing: kalwers oppas en help met die ploeëry. Op agjarige leeftyd het hy vir 'n tydjie skoolgegaan by die onderwyseresse M. Coetzer en later B. Potgieter, daarna by Oom Barend Alberts en Oom Willem Opperman op Humpata, alles tesame omtrent 8 maande. Op 10-jarige ouderdom het hy saam met sy stief-vader vir 'n tyd op transport-togte gegaan. Weer het hy

vir kort tye skoolgegaan: by Oom Gert Groesbeeck op Humpata in 1899, by Mnr. Pieter van der Smit op Palanca in 1901 en by mnr. Jan Cachet op Humpata in 1902 — drie onderwysers wat 'n sterk vormende invloed op sy christelike leefwyse, volkstrots en volksdiens en regverdige lewenshouding uitgeoefen het. Die onderwyser Pieter van der Smit het onder Generaal Frans Pienaar gedurende die Engelse oorlog geveg en is oor die Oos-Portugese grens om later in Portugees Wes-Afrika aan te kom.

Intussen het die jong seun soms nog transport-togte meegemaak en op kleinwild jaggemaak. Op 16-jarige ouderdom het hy in Junie 1903 by ds. Hamersma in die Gereformeerde Kerk belydenis van geloof afgelê.

Hierna het hy sy eie lewe probeer maak en met elf ossies in sy besit transport begin ry, nog elf ossies bygekoop en saam met sy oom J. P. Venter 'n vrag by Mossamedes gaan laai. Dit was vir hom 'n vuurproef om met 'n swak span osse en 'n swaargelaaide wa oor die lang-swaar-sand woestynbulte oor die weg te kom, met sy kaal hande die sand voor die wiele weg te grawe totdat die bloed aan sy vingertoppe uitgebars het. Onder die besef van sy verantwoordelikheid het Oom Johannes Venter dan dikwels sy humeur verloor, want die osse word al swakker en die tog van 23 uur wieldraai deur die dorsstreek kon die dood van mens en dier beteken. Die jongman het die kwaai woorde wat sy Oom hom toegevoeg het, dan aanvaar as reg en billik, want dit was per slot van sake tog die ouer man wat die grootste verantwoordelikheid gedra het. Eindelik is die vragte op Lubango afgelaai en het Oom Johannes die wens uitgespreek om in die toekoms die jong Petrus meermale as maat op sy togte te hê. Daarna het Petrus ook wel 'n paar keer met sy stiefvader met transportryery maats gemaak.

In 1904 het hy osse bygekoop, 'n sewemillimeter-mauser aangeskaf en met transportry en jag voortgegaan. In 1905 het hy vir hom 'n perd kon koop, wat uiters duur was, en gedurende die maande Augustus en September van 1906 het hy saam met nog 'n dertigtal Boere-skerpskutters aan 'n Portugese leër-ekspedisie onder leiding van Kolonel Rocadas teen die Okuamatis in die omgewing van die teenwoordige Fort Rocadas in Suidelike Angola deelgeneem.

Op 12 Augustus 1907 is hy weer as een van 'n sestiental Boere-skerpskutters saam met 'n Portugese leërmag van 2,530 man onder dieselfde Kolonel Rocadas om die Okuamatis onder die knie te bring en het onder andere deelgeneem aan die veldslae van Mufilo (27 Augustus), Aucongo (28, 29

Augustus en 2 September), Damekero (13 September e.v.d.), Naunhango (20 September) en die inname van die Klein-Okuamati hoofstat (hierna genoem Don Luiz de Braganca) op 22 September en die Groot-Okuamati hoofstat (later genoem E. Margues) op 4 Oktober. Op 18 Oktober 1907 kon die leërmag vanaf Fort Rocadas na Lubango terugkeer met die Okuamatis geheel onderwerp aan die Portugese gesag.

Vanaf 1908 het Petrus vir hom 'n aanleg gemaak op die Rooibult, enkele kilometers Suid-oos van Humpata. Hy het 'n watervoor vanuit 'n fontein gehaal en op 26 April 1909 is hy op Humpata deur Kommandant J. F. Botha in die huwelik bevestig met die sestienjarige Engela M. M. E. Oosthuizen, gebore 8 April 1893 uit die huwelik van Stephanus J. Oosthuizen en Johanna Aletta van der Merwe, 'n dogter van Willem Petrus van der Merwe, wat met die Dorslandtrek vanaf Rusplaas (Kaokoveld) terug is na Transvaal en hom in die omgewing van Makwassi gaan vestig het.

Petrus van der Merwe het landerye op 'n groot skaal aangelê, want alhoewel hy baie lief vir jag was, het 'n gevestigde bestaan hom altyd aangetrek. Vir transportry het hy nie 'n groot trek gehad nie, maar was lief vir 'n wa en 'n mooi span osse. In 1910 het hy weereens transport gery, onder andere na Andara aan die Okovango-grens van Angola, en in 1911 in die Noordelike provinsies, vergesel van sy vrou en kind. Na agt maande in die Noorde was hy terug op sy plaas en het hom aan sy boerdery gewy.

Dit het by hom 'n instelling geword om elke jaar nadat hy die koring vir die winter gesaai het óf alleen óf saam met 'n maat of maats aan Grootlaagte of die bolope van die Kunene en/of Okovango te gaan jag. Hy was 'n jagter van naam, 'n vinnige en knap skut, onverskrokke en taai. Die getal gewone wild wat hy geskiet het, kan op 400 geskat word, seekoeie vanaf 1908 tot 1922 het 30 getel, 5 leeus vanaf 1905 tot 1923 en 20 olifante vanaf 1920 tot 1927. Leeus is alleen geskiet wanneer hulle te lastig geword het en 'n gevaar was vir mens en dier, olifante vir die ivoor en ander wild vir gebruik en velle vir rieme en sambokke. Hy het nooit net vir die pret geskiet nie, maar vir lewensonderhoud. Hierdie jagter kon menige staaltjie uit sy jagervaringe vertel waarna die jongspan met oop mond kon sit en luister. Menige ontbering en noue ontkoming moes hy deurmaak, terwyl sy vrou en kinders op die hoëveld van Humpata tuis vir sy terugkoms die dae afgewag het. Soms was hy in doodsgevaar. So het 'n gekweste tier hom op 'n dag tot sewemaal gestorm, terwyl hy sonder geweer die ondier staan en inwag het, maar keer op keer het die dier

weer omgedraai, en vanaf daardie dag het hy die naturellenaam vir „Leeu" gedra, 'n bynaam waarmee hy onder wit en swart in Angola bekend sou wees.

Sy laaste transport het hy in 1923 na N'giva gery toe sy tender vir die vervoer van telegrafiese toerusting na hierdie verafgeleë regeringspos aanvaar is. Met sy voorlaaste jagtog was sy vrou en kinders in 1927 saam met hom in die jagveld en hulle het die voorreg gehad om een van die laaste olifante wat hy geskiet het, te mog besien. Jag in hierdie onherbergsame streke was nie soos sommige mense meen, 'n partytjie nie: dit was bitter harde werk, maar het in die bloed van die vaders gesit.

Op kerklike gebied het hy ook sy spore nagelaat. Vanaf die stigting van die Nederduitsch Hervormde gemeente Humpata op 4 Junie 1910 deur ds. P. van Drimmelen, het Petrus van der Merwe 'n lewende aandeel in kerklike sake geneem, is in 1918 tot diaken verkies, en was een van die draers met die begrafnis van ds. Van Drimmelen op 27 Februarie 1919. Hoewel hy nog nie die volgens wet vereiste ouderdom bereik het nie, is hy op 4 Januarie 1921 tot ouderling verkies en moes die toestemming van die Algemene Kommissie van die Kerk verkry word voordat hy in sy amp bevestig kon word. Vanaf 14 Augustus 1926 tot met die terugtrek van die Angola-Afrikaners deur die Kunene in 1928 was hy trou-offisier vanweë die Kerk.

Hy het hom ook beywer vir skole en vanaf 1927 het hy hom almeer met publieke sake besig gehou. Vanaf November van daardie jaar het hy die Trek na Suidwes-Afrika help organiseer. Op 'n vergadering van 8 Mei 1928 deur die Humpata-boere voor die Magistraatskantoor te Humpata en in teenwoordigheid van die Magistraat en 'n verteenwoordiger van die Goewerneur is hy gekies as een van Humpata se afgevaardigdes na 'n konferensie met die Unie-minister van Lande, mnr. Piet Grobler, en die Administrateur van Suidwes-Afrika, mnr. A. J. Werth, op 10 Junie 1928 te Tshimhaka (Swartbooisdrif) aan die Kunene-rivier. Op hierdie konferensie is ooreengekom oor voorwaardes van hulp deur die Unie-regering en Suidwes-Administrasie, en verpligtinge wat die boere moes nakom in verband met die trek en vestiging in S.W.A.

Dit was vir die Boere-families in Angola nie maklik om hulle los te skeur van die omgewing waar hulle soveel lief en leed deur die jare heen deurgemaak het nie. Huis, landerye, plekke van veel herinneringe moes agtergelaat word om op 'n onbekende pad 'n onvoorsienbare toekoms tegemoet te gaan. Een goeie Julie-dag het drie waens en

'n os-kar van P. J. van der Merwe die middag die Rooibult verlaat, by die ou wildevyeboom, die watervoordriffie en daarna die Palanca-rivier deurgegaan om alles wat agter was agter te laat. Vir die kinders was die trek 'n geheel nuwe ondervinding met groot en blye verwagtings dat daar êrens vóór 'n land van 'n heerlike toekoms lê, maar namate die ure en dae weke geword het, is daar terug verlang na die ou bekende omgewing. Die ouers was stil wat die verantwoordelikheid vir hulle kinders op hulle skouers voel druk het, maar met die geloof dat God leef en regeer.

Die trek het gegaan oor die „Patris", Gambos, Otchinjou, Otchitotu en Omburu na Swartbooisdrif, waar die trek aan die einde van September 1928 aangekom het. Hier is Petrus van der Merwe op die Trekkerkommissie benoem en was dit sy taak om die gesinne in vyf-vyf te groepeer vir die deurtog deur die Kunene om dan verder met vragmotors na die kamp te Gamgarab in die distrik Outjo vervoer te word, om vandaar na die plase wat aan hulle toegesê is in die distrikte Grootfontein, Outjo, Otjiwarongo en Gobabis te trek. Die Van der Merwe-gesin No. H 35 is op 11 November deur die rivier en dieselfde laat-namiddag nog op weg na Gamgarab, waar die vader na die afhandeling van sy taak aan die Kunene hom op 14 Februarie 1929 eers by sy gesin kon aansluit.

Op 14 April 1929 is die gesin vanaf Gamgarab na die toegekende plaas Damietta in die distrik Otjiwarongo, maar drie jaar later is hy met sy gesin van hierdie ongesonde plaas af weg na die plaas Welgeluk in Waterbergstreek, wat na 'n briefwisseling en onderhandelinge met die Administrasie vanaf November 1930 tot in November 1935 in verband met die bedanking van die ou plaas en aansoek om die nuwe, eindelik aan hom toegeken is. Die jare 1929-1934 was seker vir hom die moeilikste van sy lewe, want kommer en sorg oor die welsyn van sy gesin het swaar op hom gedruk. Maar tye het verander, gunstiger dae het aangebreek en hy kon hom toelê op die opbou van die plaas en die opvoeding van sy kinders.

Maar ook het dit tyd geword om beter vooruitsigte vir baie Angola-boere te verkry. Op 29 en 30 Julie 1935 het Petrus van der Merwe, saam met elf ander verteenwoordigers van Angola-boere uit alle oorde, 'n vergadering op die plaas Halma in Gobabis gehou, en op 27 November 1935 het hy saam met vier ander verteenwoordigers 'n onderhoud gevoer met die Administrateur, lede van die Landraad, die Hoofamptenaar van die Lande-afdeling en die welvaartsbeampte van die Angola-boere. In November 1936 was daar

'n deputasie by die Administrateur en op 13 Januarie 1937 het die deputasie, bestaande uit E. Meyer, A. Meyer, F. de Flamingh en P. J. van der Merwe, die Eerste Minister, Generaal Hertzog, ontmoet, wat hulle op 'n edelmoedige wyse ontvang het en veelbetekende toegewings gemaak het om die laste van die Angola-boere in die moeilike oorgangsstadium te verlig en vir hulle beter vooruitsigte en 'n toekoms te skep.

Oom Peet, soos hy deur sy medemens genoem is, het sy belangstelling in skool-, kerk- en volksake nooit verloor nie. As voorsitter van beide die Skoolkommissie en Kerkboukommissie het hy 'n groot aandeel gehad in die verkryging van 'n tien morge groot stuk grond van die Administrasie op die skoolplaas Moravia vir die oprigting van 'n kerkgebou. Die nodige opmetingslyne het hy self op eie koste laat oopkap om kaart en transport te verkry. Bydrae vir die kerkgeboue van Kaapstad en Windhoek het hy nie geweier nie.

In latere jare het hy 'n stiller lewe begin lei en sy boek „Ons half-eeu in Angola" persklaar gemaak. Aan die einde van 1958 was daar tekens dat sy gesondheid en liggaamskragte begin afneem het. In Mei 1959 het dit 'n ernstiger wending begin aanneem. Op die aand van 15 Julie het ds. Van der Merwe, met die familie om die siekbed, 'n ernstige gebed gedoen. Hy sou egter nog leef om sy laaste taak, waaraan hy besig was, naamlik die afhandeling van die boedel en die oprigting van 'n grafsteen op die graf van sy moeder wat hom enkele maande op 91-jarige ouderdom vooruitgegaan het, te voltooi.

In November het dit slegter gegaan en op die 19e is die siek vader na 'n dokter op Otjiwarongo gebring. Die dokter het beslis dat hy na die hospitaal moes gaan. Die middag het die moeder teruggekeer na die plaas om sake daar in orde te bring vir die tyd dat sy op die dorp sou gaan bly om naby haar eggenoot te wees. Die aand het die seun P. H. van der Merwe 'n besoek aan die sieke gebring, asook die plaaslike leraar ds. J. P. Snyman. In die vroeë oggendure van 20 November is hy heen. Sy laaste versoek was: „Bid vir my!" en op die laaste het hy nog na sy vrou geroep.

Op 22 November om sewe-uur die oggend het die familie om die graf gestaan. Ds. Van der Merwe het gespreek na aanleiding van Openbaring 21 : 1, 'n gebed gedoen en die familie het met 'n gesang afgesluit. Onder toesig van sy seun Petrus is die graf toegemaak. Die middag om 3-uur het ds. Snyman die roudiens waargeneem. Oom Herman Smit ('n swaer), ds. Van der Merwe en Paul van der Merwe, L.V. (albei seuns) het by die graf gepraat.

Hy het agtergelaat: sy eggenote, wat soos 'n dienende Martha van ouds vir meer as 50 jaar hom en die kinders bygestaan het, veertien kinders, dertien skoonkinders, 48 kleinkinders en enkele agterkleinkinders, talle bloedverwante en vriende.

Ons kan sê:

„O God aanskou ons stryd en strewe
U ken die leed en rampe van ons lewe."

Maar ook:

„Here, hoeveel blye dae
vloei soos strome kalm en rein,
sonder kommer, sonder klae,
vol van vreugd en sonneskyn!"

W. P. van der Merwe.

Christus prys in die Bergrede nie die sulkes salig wat iets het nie, maar die wat niks het nie en alles nodig het. — Da Costa.

'N KYKIE IN DIE VERLEDE

Toe ek teen die einde van Oktober 1920 op Ventersdorp as predikant bevestig is, was daar slegs 12 diensdoende predikante en hulle was verantwoordelik vir die bearbeiding van 36 gemeentes, met 'n gesamentlike sieletal van 39,452. Tussen hakies mag ek hier meld dat die gemeentes nou 211 tel, die sieletal 142 duisend en die predikante 126 („Die Hervormer," Junie 1960, bl. 2). Graag noem ek die name van die twaalftal predikante. Hulle was di. Jac. van Belkum (Heidelberg), A. Murray, Jsn. (Rustenburg), L. E. Brandt (Johannesburg), P. W. Ennis (Klerksdorp), J. J. Kuhn (Swartruggens), J. J. Prinsloo (Standerton), H. C. M. Fourie (Erasmus), S. J. Strydom (Makwassie), S. Vermooten (Potchefstroom), H. D. van Broekhuizen (Pretoria), P. J. Ebersohn (Lichtenburg) en A. J. Barger (Middelburg).

Die 36 gemeentes was in drie Ringe verdeel, naamlik die Noordelike, die Oostelike en die Westelike Ring. Laasgenoemde het uit die volgende gemeentes bestaan: Potchefstroom, Lichtenburg, Marico, Klerksdorp, Ventersdorp, Wolmaransstad, Ventersdorp, Bechuanaland, Swartruggens, Bloemhof en Makwassie. Dis duidelik dat die geringe aantal predikante nie volle aandag aan hulle eie gemeentes kon wy nie, aangesien hulle dikwels op reis moes gaan na ander gemeentes wat vakant was en eweëens bearbei moes word. In baie gevalle was die afstande groot, die vervoermiddels destyds was nie so vinnig en gerieflik as vandag nie en die paaie was in vergelyking met vandag oor die algemeen sleg. Ek noem 'n paar voorbeelde om 'n indruk van die afstande te gee: die konsulent van Messina bv. was ds. (later dr.) Fourie van Erasmus, dié van Lydenburg ds. Murray van Rustenburg en dié van Marico ds. Vermooten van Potchefstroom.

Van die bogenoemde predikantetal is alleen nog in lewe di. S. J. Strydom, P. J. Ebersohn (wat later terug is na die N. G. Kerk) en S. Vermooten wat nog in die bediening staan en die oudste diensdoende predikant in ons Kerk is. In die gryse ouderdom dra hy egter nog vrugte en is nog vet en groen, Ps. 92:15. Ek het na 1920 met almal in mindere of meerdere mate kontak gehad, behalwe met ds. Murray wat reeds in 1921 sy emeritaat aanvaar het. Ds. Ebersohn het ek voor sy vertrek uit Lichtenburg nie persoonlik ontmoet nie.

Die twaalftal predikante wat ek hierbo genoem het, het by alle verskil in karakter, temperament, persoonlik-

heid en wat dies meer sy, dit altans gemeen gehad dat hulle hulle met onvermoeide toewyding aan die diens van die Kerk gewy het. Die oes was groot en die arbeiders min in getal, maar hulle het sonder om moedeloos te word hulle roeping blymoedig vervul. Dit sou dan ook van skuldige ondankbaarheid getuig as ons Kerk hulle volgehoue arbeid sou vergeet. In hierdie verband mag die bestendige werk van die getroue ouderlinge en diakens nie onvermeld bly nie. Hulle het end-uit volgehou en ons pluk die vrugte van hulle toegewyde arbeid.

Waar ons Kerk vandag oor so 'n aansienlike aantal predikante en kerkraadslede beskik, kan diegene wat daardie jare van nypende tekort aan ampsdraers nie persoonlik meegemaak het nie, hulle nouliks voorstel onder watter moeilike omstandighede die werk voortgesit moes word. Om maar een voorbeeld te noem: dit het 'n keer gebeur dat ek die enigste predikant op 'n gewone jaarlikse Ringsvergadering was, en vir ongeveer 'n jaar en ses maande moes ek, behalwe my eie gemeente, ook die ander gemeentes in die betrokke Ringsverband bedien. In dié tyd het Wes-Transvaal onder 'n swaar ekonomiese druk gebuk gegaan en die meeste gemeentes moes worstel om die kop bo water te hou; ek het my dan ook verplig geag om die koste van die bearbeiding van die gemeentes grotendeels uit eie sak te dra. Ek dink dat 'n woordjie van dankbare hulde aan my troue ou Fordjie, T-model, hier pas; hy het my op my menigvuldige omswerwinge nooit 'n keer in die steek gelaat nie. Dit het stadig gegaan, 25 myl per uur, maar hy het my telkens op my bestemming gebring, en hy was nie veeleisend nie. Ek het hom meer as dertien jaar lank met trots bestuur.

Ek dink dikwels nog met 'n sekere mate van heimwee terug aan die jaarlikse vergaderinge van die ou Westelike Ring en aan die hartlikheid van die ampsdraers met wie ek die eer en voorreg gehad het om saam te werk. Hierdie vergaderinge was deurgaans gekenmerk deur deeglike werk. Die kommissies wat die gemeentelike verslae moes nasien, het alles sorgvuldig met die spiedende oog van 'n speurder ondersoek en as daar êrens 'n fout ontdek is, moes die betrokke afgevaardigdes verantwoording doen. In meer as een geval is die betrokke stuk tot beskaming van die afgevaardigdes na die gemeente vir onmiddellike rektifikasie teruggestuur. Ek herinner my in hierdie verband nog lewendig watter buitengewone speursin (wyle) ds. Ennis steeds geopenbaar het; geen foutjie het sy oog ontglip nie. Dit het hom sigbare genot verskaf as hy bv. in 'n doopregister ontdek, wat inderdaad meer as eenmaal voorgekom

het, dat 'n kind volgens die opgawe in die register voor sy geboorte gedoop is, en dit het die hele vergadering, met uitsondering van die skuldige party, vermaak verskaf om te luister na ds. Ennis se oorspronklike aanmerkinge op die fout.

En dan was daar mnr. Roorda, die Administrateur. Ook hy was uitermate konsensieus. En nou was dit so, dat ons kassiers eenvoudige mense was wat nie ingewy was in die geheime van die boekhouding nie, maar hulle was doodeerlik en kon van elke pennie rekenskap gee, maar mnr. Roorda het baie hoë eise gestel en was meedoënloos in sy kritiek, wat meermale aanleiding tot 'n woordewisseling gegee het. Hy kon hom nie versoen met die oorspronklike stelsel van boekhouding wat sommige kassiers gevolg het nie en dit tot hulle ontsteltenis somaar reguit gesê ook. Sy werk was egter nie sonder vrug nie, want van jaar tot jaar het daar verbetering in die boekhouding van die gemeentelike kassiers ingetree. Ons mag die goeie werk wat hy gedoen het, nie vergeet nie.

Een vermaaklike insident wat op een van ons vergaderinge voorgeval het, wil ek tog noem. Hierdie vergadering het tot amper middernag geduur. Die afgevaardigdes was haastig huis toe en wou nie die volgende more nog weer vergader nie. Die voorsitter — sedert ook reeds oorlede — was teen dié tyd eweëens haastig. Voor die sluiting van die vergadering moes die lede van die Ringskommissie egter nog gekies word. Dit moes volgens die bepaling van die wet met stembriefies geskied. Die voorsitter wat intussen al ongeduldig geword het, reël toe dat die kiesing sonder stembriefies sou plaasvind. Hierop staan een van die predikante op, sit die „wetboek" doelbewus op die vloer, gaan vervolgens daarop staan en vra of die vergadering daar genoeë mee neem dat die duidelike bepaling van die wet so oortree word. Een van sy ampgenote wat ondertussen die groeiende misnoeë van die voorsitter opgemerk het, gryp ondeund die geleentheid aan om die geduld van die voorsitter nog verder op die proef te stel en steun sy kollega met meer geesdrif as takt. Dit het die beker van die voorsitter laat oorloop, maar hy was verplig om sy reëling terug te trek en die verkiesing het volgens die eis van die wet plaasgevind. Nou was dit al afgespreek dat hierdie twee kollegas dié nag by die voorsitter sou tuisgaan, maar na afloop van die vergadering sê die ontstemde voorsitter op pad na die pastorie vir hulle: „Julle kan vannag by my bly as julle wil, maar die pad is mooi en die maan is helder." Natuurlik het die twee kollegas dié nag daar oorgebly.

In die ou dae het ons meer tyd as nou gehad. Die lewe was nie so gejaagd en gespanne nie. Dit was dan ook die gewoonte dat die werksaamhede van die Ringsvergadering aangenaam onderbreek is deur 'n gesellige onthaal in die plaaslike stadsaal of in 'n ander geskikte lokaal, waar daar onder die genot van smaaklike verversings toesprake deur plaaslike notabeles en Ringsafgevaardigdes gehou is, waarin erns en luim mekaar afgewissel het. Ds. Ennis, met sy ryke skat van ervaring, was by sulke geleenthede 'n gesogte spreker. Die van ons wat die voorreg gehad het om met hom saam te werk, sal sy blanke opregtheid en hartlikheid nie vergeet nie. Ons het hom leer ken (om 'n Bybelse uitdrukking te gebruik) as „'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie." In 1928 het hy sy emeritaat aanvaar en op Klerksdorp, die gemeente wat hy 23 jaar met toewyding gedien het, bly woon, waar hy in 1932 oorlede is. In die *Almanak* van 1958 het ds. Vermooten 'n artikel, onder die opskrif „Herinneringe", aan hom gewy (bl. 47-53).

Ek wil hier tog nog iets uit my herinnering aan ds. Ennis aanhaal. Op 'n sekere Ringsvergadering het daar 'n dringende versoek van 'n klein gemeentetjie êrens in Oos-Transvaal om geldelike steun ter tafel gekom. Dergelike aansoeke om hulp was destyds nie seldsaam nie. Ds. Ennis kon hom nie daarmee versoen nie, want hy was teen die afstigting van klein gemeentes wat nie 'n redelike vooruitsig tot selfstandigheid gehad het nie en het deurgaans tot omsigtigheid gemaan. Toe daar nou weer so 'n versoek om hulp kom, het hy ernstig op die nadele van 'n onoordeelkundige afstigting gewys en daarteen gewaarsku en in die vuur van sy welsprekendheid hom die volgende opmerking laat ontval (dit was nog in die dae toe Nederlands die offisiële kerktaal was): „Hoogeerw. Voorsitter, die afstichting van kleine gemeenten is een verpesting!" Onmiddellik dring dit tot hom deur dat hy onparlementêre taal besig, en terwyl hy die regterhand omhoog steek, voeg hy verskonend daaraan toe: „maar ten goede." Hierdie antiklimaks het tot ontspanning gelei en die insident is intussen ook genotuleer!

Nadat (wyle) dr. H. C. M. Fourie as predikant van Groot Marico lid van die Ring geword het, het ek my uit piëteit teenoor hom as ouer kollega teruggetrek as voorsitter en die scribaat waargeneem. Dr. Fourie, *chevalier sans peur et sans reproche* (ridder sonder vrees of blaam), was 'n eminente voorsitter, saaklik en ferm. Hy het die kuns verstaan om wydlopigheid en herhalinge subiet kort te knip en sprekers te beperk tot die punt onder bespreking. Hy kon fyn spot en as scriba was ek in die reël 'n

dankbare slagoffer, want hy het my handskrif as onleesbaar beskou, en om hierdie rede was volgens hom alle stukke waar ek verantwoordelik voor was en opgestel het, asmede die notule, waardeloos, sowel vir die huidige geslag as vir die navolgende geslagte. En tog (tussen hakies) het ek as skoolseun 'n keer 'n eerste prys vir skoonskrif verower!

Ek kan ten volle onderskrywe wat A. J. Willemse in die Gedenk Album van die 50-jarige bestaan van die gemeente Ermelo van hom getuig (bl. 41, 48), naamlik dat hy een van die groot geleerdes in ons land was. „Behalwe groot taalgeleerde (hy was vyftien tale en dialekte, waaronder verskillende naturelletale magtig), was hy ook deskundige op die gebied van naturellesake". En tog het die grootste eenvoud hom gekenmerk. Sy natuurlikheid op die kansel het my altyd diep getref. Totius sou van hom gesê het: „As iemand my sou vra of ek in my lewe 'n Christen geken het, dan sou ek sê: Ek het Herman Fourie geken." As een van die Bybelvertalers het hy onskatbare werk gelewer; aan hom is dit ook te danke dat ten slotte besluit is om die Bybel uit die grondtale te vertaal en dit nie 'n tweederangse oorsetting uit die Statevertaling geword het nie. Ek dink met groot dankbaarheid terug aan die voorreg wat ek gehad het om met hom in een Ringsverband saam te werk, en dit was my weemoedige voorreg om na sy skielike heengaan in 1939 die begrafnisrede op Groot Marico te hou. In die *Almanak* van 1940 verskyn daar uit die pen van S.P.E. 'n beknopte lewenskets van hom.

Ek moes eintlik nog melding maak van 'n reeks onvergeetlike ouderlinge met wie ek in Ringsverband saamgewerk het. Daar is (wyle) A. J. G. Oosthuizen, in die wandel bekend as Oom Andries, van Losberg. Ek herinner my nog lewendig my eerste nadere kennismaking met hierdie stoere kerkman. Ds. Vermooten van Potchefstroom het my gevra om 'n nagmaal vir hom op Fochville waar te neem. Ouderling Oosthuizen het my op die betrokke Saterdagnamiddag op Bankstasie per motor afgehaal, waarvandaan ons regstreeks na die ou sinkkerkie op Fochville gegaan het, want die katkisante het daar op ons gewag vir „aanneming". Nadat ek hulle ondervra het, het ek, soos my gewoonte was, die ouderling gevra of hy iets op die hart het. „Ja," antwoord ouderling Oosthuizen. „Kinders," begin hy met 'n stem wat eerbied afdwing, „wie was die eerste koning?" „Saul," word geantwoord. „Nou ja, het ons ook 'n koning?" lui die volgende vraag. Sommige antwoord aarselend bevestigend, terwyl ander swyg. En daarop vervolg Oom Andries, tot my ontsteltenis: „Hulle sê ons het ook 'n

koning, maar ek erken hom nie. Erken julle hom?" Die antwoorde moes hom blykbaar tevrede gestel het, want met 'n „Dankie, dominee!" kon ek voortgaan. Met waardering dink ek ook terug aan manne soos Nic. Campher van Klerksdorp, P. S. van den Berg van Groot Marico. T. F. J. en J. G. Steyn van Lichtenburg, F. W. C. Buitendag van Ventersdorp en talle ander wat met groot toewyding hulleself belangeloos tot beskikking van die Kerk gestel het. Almal mooi figure in die geskiedenis van ons Kerk en vir wie ons die Here nie dankbaar genoeg kan wees nie.

D.F.E., SNR.

Wat God u te doen gee, moet u sonder enige teenspraak doen. Hy wat die opdrag gee, gee ook die skouers om te dra. — Kleinhert.

Inhoudsopgawe van die Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oor die jare 1947 tot 1961.

	Jaargang	Bladsy
Anoniem		
Wyle ds. J. J. Prinsloo	1957	32
Ned. Hervormde Gemeente, Klerksdorp-Oos	1957	91
Oudl. P. F. Visser	1957	93
Kolonel J. Wilkens	1960	127
Oudl. G. J. Engelbrecht en Eggenote	1960	130
A. W. Heyneke en Eggenote	1961	76
C. J. Bodenstein	1961	77
H. M. P. Visser en Eggenote	1961	69
J.A.B.		
J. M. C. NORTJE	1959	129
Ds. H. Bakker		
Het Communisme	40	74
W. H. Barnard		
Hattingh, P. A.	55	102
Ds. P. J. L. Bierman		
Mev. W. M. Viljoen	54	132
Mev. E. Booysen		
Die Invloed van die Ouer in sake die Beroepskeuse van sy kind	56	75
Ds. F. J. Z. Booysen		
Die verhouding van Jesus tot sy Dissipels	48	34
Die betekenis van die Heilige Gees	54	72
Die Afgelope Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika	55	115
Die Algemene Kerkvergadering 1957	58	54
Ds. P. J. Booysen		
Die Ned. Hervormde Gemeente Germiston, Vyftigjarige bestaan	61	56
J. P. Buitendag		
Oudl. J. P. Buitendag	58	76
Oudl. J. P. Buitendag en sy ouers	58	77
Die familie Buitendag	60	131
Ds. N. H. Buitenweg		
Die Ring van Kaapstad	59	73
Ds. A. Brandt		
Ned. Hervormde Gemeente van Kaapstad	54	60
Vryheid	57	117
Ingebruikneming van die Kerkgebou te Kaapstad	59	154
Wyle ds. L. E. Brandt		
Enige Gedachten over de Evangeliebediening	49	62
L.N.C.		
Egpaar Celliers	55	106
P.J.C.		
Protestante word in Spanje verdruk	1960	82
Dr. Abel Coetzee		
Jan Anthonie van Riebeeck. Grondlêer van 'n Volk	52	62
Ds. G. C. Coetzee		
Franciscus van Assisi	47	36

D. E. de la Bat		
Die Leesstof van die Vrou	59	46
Dr. J. I. de Wet		
Die Roomse Indringing in Suid-Afrika	60	83
Ds. D. J. Dreyer		
Studente Aangeleenthede	59	127
Ds. J. G. M. Dreyer		
Potchefstroom in die ou dae	47	54
Die Onsienlike sien	48	17
Die Hervormde Studente-Kerk	49	102
Rede met Burgemeester-Sondag	50	33
Rede uitgespreek ter herdenking van my Vyf-en-twintig-jarige Ampsbediening	51	33
Die Invloed van Nederland op Suid-Afrika	52	138
Ds. T. F. J. Dreyer		
Feesrede: Ingebruikneming, Kerkorrel, Rustenburg	51	65
Ons Weermag	59	56
Prof. P. S. Dreyer		
Die werk tussen die Buitekerklikes in Holland	51	74
Die aandeel van die Duiwel	54	108
Ontmoeting in Sielsorg	57	40
Die Onwillige Kerk	57	46
Die Kerk van die Nasarener	59	77
Die Huidige Stand van die Evangelisasiewerk onder die Bantoe	59	121
Ds. J. C. du Plessis		
„Privaat"-Christene	47	57
Wydingswoord-Predikantevergadering, Maart 1947	49	45
Gelukwense	56	36
P. E. en M. C. C. Brits	59	103
C. P. Engelbrecht en Eggenote	60	133
D. J. du Preez		
Belasting op Inkomste verkry uit Boerdery	53	116
Wyle ds. C. W. du Toit		
Oujaarspreek	59	159
Ds. D. J. A. G. du Toit		
Die Vierde Vergadering van die Ring van Rhodesië	53	78
Prof. B. J. Engelbrecht		
Die Onsterflikheid van die Siel	53	55
Die Millenium of Duisendjarige Vrederyk	55	49
Geloftedag	59	114
Kategismusprediking	60	30
Ds. J. J. Engelbrecht (Snr.)		
Trane sonder berou	1955	65
Stoeigeveg met Demone	56	112
Oud-Oudl. J. C. van der Merwe	58	106
Die Bybel oor Drankmisbruik	59	139
Ds. J. J. Engelbrecht (Jnr.)		
Lig en Skaduwee in die lewe van die Jong Predikant	60	66
Prof. S. P. Engelbrecht		
Gedagtenis-Rede	47	17
P. T. van Staden en Eggenote	47	53
Die Jerusalem Gangers	47	61
'n Nederlandse Bybel uit die jaar 1541	48	27

Die ou Doopvont van Potchefstroom	48	41
Die Broodskottel van die ou Nagmaalservies van Rustenburg	48	43
Die Nagmaalservies van die Dorslandtrekkers	48	45
Dr. K. H. E. Gravemeyer	48	51
Sya J. van der Hoff, geb. Botbijl 1788-1862	48	59
Pieter van der Hoff	48	62
Nicolaas J. Campher en Eggenote	48	65
Die Presidentsverkiezing in 1893	48	70
Arie G. Oberholzer	1949	21
M. C. van Staden en J. J. Swanepoel	49	70
Jacobus Lodensteyn	49	96
Joh. C. Coetzee en Eggenote	49	112
Die Gemeente Marico	49	118
Carel C. Weyer	49	154
Die Eeufeeskerk van Rustenburg	1950	41
Hervormde Kerke van H. Vermooten	50	59
Hervormde Kerke van J. Neethling	50	71
Die Gelofte-Kerk	50	79
Paul Joh. de Vos en Eggenote	1951	52
A. C. Meyer	51	64
R. C. van Broekhuizen	51	71
Pres. S. J. P. Kruger op Buffelspoort 1895	51	89
Die Christus-verkondiging in die Protestantse Kerk	51	90
F. A. Smit en Eggenote	51	102
Nuwe Kerk van Standerton	51	126
Die Stigting van die Eerste Gemeente	1952	68
Die Naam van ons Kerk	52	78
Die oudste gedrukte S.A. Preek	52	91
Ds. Franciscus le Sueur	52	94
Die vierings van die Eerste en die Tweede Eeufeeste ter herinnering aan die koms van Jan van Riebeeck	52	99
Feesrede te Rustenburg op 8 Aug. 1953	1954	33
'n Halfeeu 1907-1956	56	33
P. A. Ras	56	132
Oudl. N. J. Grobler	56	133
P. Jacobson en Eggenote	61	71
J. G. Benade	61	72
Ds. W. J. Engelbrecht		
Inhoudsopgawe van die Almanak. Jaargang 1907-1946	1949	33
Mev. (ds.) A. C. G. Erasmus		
'n Kersverhaal	1954	107
Mev. H. C. Vermooten	54	127
Ds. D. F. Erasmus (Snr.)		
Kyk, Ek maak alles nuut	1953	33
Verkondig die Dood van die Here totdat Hy kom	53	84
Kenne N. de Kock	55	101
Oorvloedig in Goeie Werke	54	39
Spel en Verlustiging	1955	33
Wat alleen ongelukkig maak	55	63
Die Geskiedenis van 'n klein Dogtertjie	55	73
Johan H. Scheffer en H. M. Visser	48	63
Julle moet . . . my Heiligdom ontsien	1956	40
Ons Almanak. 'n Terugblik 1907-1956	56	46

Eutiches	56	95
Kersfees	56	97
Die Heerlikheid van Christus	1957	33
Stephanus	57	70
Filippus	57	72
Barnabas	57	74
Timotheus	57	76
Prof. S. P. Engelbrecht	1958	38
Samuël	58	79
Antiochië, die Eerste Sendingsreis	58	89
Ons Christelike Gedenkdae	58	99
Aan God alleen die Eer	1959	33
Die Tabernakel	59	95
Pinksterfees-Christusfees	1960	33
Oudl. J. N. Pretorius	60	129
'n Eselskakebeen	1961	36
Ds. J. M. Fourie		
Die Ned. Hervormde Kerk in Natal	1960	125
A. V. Burger	60	141
Dr. H. C. M. Fourie		
Intreerede te Bronkhorstspruit	1957	80
Ds. P. G. Geertsema		
Die Kerk en Evangelisasie	1951	61
Ons Kerk in Suidwes-Afrika	1953	50
Hoe kan die Gemeente sy taak meer doeltreffend uitvoer?	1954	55
Prof. B. Gemser		
De Vijftigjarige Regering van Koningin Wilhelmina, een Verhoord Gebed	1949	51
Prof. A. S. Geyser		
Geloof en Lewe	1954	49
Ds. W. H. Grey		
Predikantenood	1951	37
Dink aan julle Voorgangers	1952	126
Mev. Bunty Holloway Grobler		
Wagensdrift	1957	124
Simson	1958	107
P. C. Grobler		
Zeerust vier Fees	1959	110
Enkele Gedagtes oor die opvoeding van die Jeug	1960	80
Ds. M. S. Grobler		
Ons Kerk in Oos-Kaapland	1956	67
Geskiedenis Mafeking-Gemeente	1960	57
Ds. G. P. J. Grobler		
Tans en Toe	1953	71
B.C.G.		
Egpaar Geldenhuys	1956	124
Mev. C. Hamman		
Pieter C. Bezuidenhout en Eggenote	1956	123
Ds. Hammersma		
Gevoelvolle Prediking	53	98
A.H.		
G. J. P. Labuschagne	54	136
A. B. van N. Herbst		
Matrikulante, ‚Die Kerk Roep'	60	153
Mev. S. M. Huyzers		
Ons Kleuters	57	105

Ds. W. F. H. Huyzers		
Die Grondslag van die Gebed	55	100
J. H. H. Janson		
'n Kwarteeu	55	118
Ds. I. J. Joubert		
H. Putter en H. C. S. Kruger		
Ds. W. J. Kemp		
Die Evangelisasie van die Naturel	1951	53
Dr. P. J. T. Koekemoer		
Die Rooms-Katolieke leer oor die persoon van Maria	55	76
F.K.		
Job. Broeder van Christus	49	75
Wyle ds. J. J. Kuhn		
Draai aan die Briek	56	94
C. J. Langenhoven		
My onherroeplike Kinderdae	53	38
Leinad		
Hoe Hugo de Groot ontsnap het	56	86
Ds. L. M. le Roux		
Ouderlinge en Diakens in die Ned. Hervormde Kerk	48	46
Die De Vos-Beweging in sy ontstaan en verloop	55	84
Ons Jeug en die Kuns- en Ontspanningslektuur	59	131
Ds. A. T. McDonald		
Die Student en die Kerk	60	137
Ds. C. J. Mans		
Rensburgrust	1960	74
Prof. E. S. Mulder		
Die Nuwe Kerkwet	1952	131
Die Houding van die Kerk teenoor Israel	1956	125
Ds. J. H. Naude		
J. C. van der Westhuizen	56	137
Ds. J. F. Naude		
Die Werk van die B. en B. Bybelgenootskap	53	74
Ds. A. J. Nolte		
Ons Kerklike Lewe	47	24
Sektes	55	109
Predikant en Gemeentelid	60	143
Prof. C. K. Oberholzer		
Die Vrou en die Arbeidsmark	60	47
Ds. J. P. Oberholzer		
Suid-Rhodesië. Land van Belofte	55	97
Ds. A. Oosthuizen		
Ds. L. E. Brandt	47	29
Vergewingsgesindheid	48	23
Die Kerklike Tug	48	68
Wat en Hoe?	49	71
Die Hervormde Teologiese Studies	49	114
Aan ons Lesers	52	33
Die Algemene Kerkvergadering 1953 te Rustenburg	53	97
Gelukwense	56	33
Mev. M. R. Oosthuizen		
Annie Ida Steenekamp	53	93

Gelukwense	56	38
In Memoriam	57	122
P.P.P.		
Tant Sarie Roets	61	65
Pieterse		
Nanno Prak	55	39
Z. W. Pienaar		
G. J. Pienaar	54	135
Dr. J. Ploeger		
Kommandeur J. van Riebeeck, Grondlêer van ons Volksbestaan	52	54
Wyle ds. J. J. Prinsloo		
Waak	49	76
Pinksterdienste of Bidure	50	109
Buite Kerklikes	56	58
Prof. A. D. Pont		
Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	58	42
Die Ned. Hervormde Gemeente, Ermelo	60	96
Ds. M. J. J. Redelinghuis		
Noord-Rhodesië	1956	83
Ds. G. J. J. Roos		
Die Belydenisskrifte van ons Kerk	48	54
Die Ouderdom	59	68
Mev. H. E. Roos		
Die Ouerlike roeping en opvoedingsprobleme	55	43
Ds. W. J. Roos		
A. S. Snyman	58	113
Hospitaalbearbeiding Ring van Pretoria	60	148
C. G. Scheffer		
Huurkoop	60	71
A. C. Steenekamp		
A. C. Pretorius	55	103
Egpaar Steenekamp	55	105
M. N. Pistorius	55	106
Ds. C. S. van H. Steenekamp		
Die Algemene Kerkvergadering 7-9 Aug. 1953	54	46
Ds. C. J. Smit		
Wyle Oudl. A. A. van Jaarsveld	57	127
Mev. D. Smit		
Die Vrou	61	79
Ds. J. J. Smit		
Gelukwense	56	35
Die Ned. Hervormde Kerk in Natal	57	67
Ds. P. M. Smit		
Oudl. S. A. Meyer	55	41
Eeufees in Pretoria	55	57
Gelukwense	56	34
Ds. J. P. Snyman		
Suidwes-Afrika	60	63
D. B. Snyman	60	136
Mev. J. Steyn		
D. F. Jacobs	54	130
Ds. J. D. Storm		
Ons Sondagskool	1954	77
Ds. J. A. Swanepoel		
T. A. Louw	58	115
Ds. S. J. Swanepoel		
Ons Studente	1956	89
My Eerste Gemeente	57	128

Totius			
Gebed		53	49
Tunda skool. 'n Historiese Portret		60	79
J. B. de Vaal			
Josina van Warmelo		1949	105
Ds. H. R. van Apeldoorn			
De Zuid-Afrikaanse Kerk en de Nederlandse Hervormde Kerk van Austin Friars te Londen		1950	115
Dr. B. J. van der Merwe			
Profetiese Prediking in 'n Krisistyd		61	41
Ds. W. P. van der Merwe			
J. A. Niemann		56	134
Ons Gemeentes in Noord-Kaapland		57	98
P. S. van der Walt			
Ons Taak in Angola		56	63
Voordat die Bruggie breek		57	80
Ds. C. L. van den Berg			
Die Roeping van die Boerevolk		54	86
Ds. C. J. van Niekerk			
G. Visage en Eggenote		56	135
Mev. D. J. van Niekerk			
Die Voeding van die Kleuter		58	70
Dawie se Avontuur		59	98
L. A. J. J. van Nieuwenhuizen			
J. C. J. van Schalkwyk		57	65
Kerkraad. Gemeente Trichardsfontein 1904		58	74
Oudl. en mev. M. J. Breytenbach		58	75
J. H. B. de Beer		59	38
Eerste Kerkgebou van die Gemeente Trichardsfontein		59	89
Nuwe Kerkgebou van die Gemeente Trichardsfontein		60	128
Ou Boeke en Dokumente van Gemeente Standerton (Trichardsfontein)		61	73
P. B. van Nieuwenhuizen			
Nuwe Kerkgebou. Gemeente Wolmaransstad		56	136
Ds. F. van Oosten			
Lewend en tog Dood		50	50
Die Bybel		58	109
Ds. C. J. van Schalkwyk			
Ring van Rhodesië		56	77
Ds. M. J. van Schalkwyk			
Studente Aangeleenthede		58	101
Prof. A. van Selms			
Willem Sluiter en sy Gemeente		49	79
Toeligting by die Kerklike Jaarkring en ander Gedenkdae		50	65
Vollenhove se Kruistriomf		50	123
Die Kortbegrip en Katkisasie		51	40
Die Geboortestad Jan van Riebeeck		52	35
Leemtes in ons Gesangeboek		53	39
By die vertrek van Prof. Gemser		58	58
J. van Selms-Schrijvers			
Ervarings in 'n Interneringskamp op Java		47	66
Ds. A. J. van Staden			
Oudl. A. W. J. van Rensburg		55	107

M. C. van Staden		
Het jy geweet?	49	116
Ds. J. van Rensburg		
Vryburg-Kombinasie	59	91
Prof. F. J. van Zyl		
Die Huidige stand van ons Sending kerk in Natal	54	66
Ds. P. A. R. C. van Wyk		
G. F. T. Pistorius	51	72
Heidelbergse Kategismus, Vraag I	56	53
Wyle Oudl. L. J. Fouché	56	112
Wyle Oudl. M. Kriel	57	126
Wyle Oom P. Nortjé	60	151
W. van Wyk		
Ons Studente	61	79
Mev. A. Venter		
Mag ons so Voortgaan?	56	71
Die vroue van ons Kerk	59	64
H. W. J. Venter		
Gelukwense	56	37
P. J. J. Venter		
D. J. Smith en Eggenote	51	58
Carthago Delenda Est	53	80
Die Sieraad van die Jongmense is hulle krag	54	94
Oujaarsmymeringe	59	104
W. C. Coetzer	60	134
Herinneringe uit 'n Dienstyd van 40 jaar 1921-1961	61	50
Dr. P. W. Venter		
Die Ondersteuningsraad	59	50
Waarom Barmhartigheid Bewys?	59	61
Ds. S. Vermooten		
Dr. H. D. van Broekhuizen	54	124
S. J. Joubert	54	126
'n Terugblik	57	109
Herinneringe, Ds. P. W. Ennis	58	47
Ds. C. W. du Toit	59	41
F. R. P. Schutte	59	71
Stad en Plattelandse Gemeente	59	92
Ds. J. A. Viljoen		
Die Gemeente Windhoek, S.W.A.	55	94
Ds. S. P. Viljoen		
Gelukwense	56	37
D.W.		
N. S. Wolmarans	59	55
C.P.W.		
J. A. Pieters		
Prof. H. P. Wolmarans		
Die Christelike Plig van die Blanke teenoor die nie-Blanke in Suid-Afrika	1953	100
Ds. S. E. Young		
Die Gebruik van die Eed	50	104
Die Vyfde Gebod	51	83
Joh. H. Snyman	51	124
Maleagi spreek tot ons	54	69
Die Roeping van die Kerk volgens Luk. II:48	57	94
Openingsrede van die Ring van Zeerust 1957	58	33

W. J. ENGELBRECHT.

Ermelo, 1961.

Blindedermontsteking

KENTEKENS :

(1) PYN IN DIE REGTERSY

(2) AANGEPAKTE TONG

(3) HOË KOORS (100—102 Grade)

(4) HARDWORDING VAN DIE MAAG-WANDE

Die Dr. Mullers-blindedermmiddel

Hierdie middel stel blindedermlyers in staat om 'n deskundige behandeling teen geringe koste te ondergaan. Duisende het dit reeds gebruik en daarin geslaag om 'n operasie vry te spring.

Te koop teen 70c per bottel.

Verkrygbaar by alle aptekers of posvry van

NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

HARTKWAAL

Wanneer iemand aan hartkwaal ly, beteken dit eintlik dat sy hartkleppe nie heeltemal oop of toe gaan nie — gewoonlik omdat hulle weens Sinkingskoors verwronge geraak het. Om die hartspier dan te versterk, is dit noodsaaklik om van tyd tot tyd 'n versterkmiddel in te neem. Die Dr. Allens-watersug-pille is die ideale tonika, want dit kan met volkome veiligheid ingeneem word. Dit kan met veiligheid gebruik word vir die volgende kwale: Hartkwaal, Swak Hart, Watersug, Nier- en Leweraandoenings, Vatbaarheid vir Verkoues en Lae en Hoë Bloeddruk.

DR. ALLENS-WATERSUG-PILLE

75c per bottel posvry van

NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

Finale jaar Teologiese Studente 1961
Voor: v.l.n.r.: W. C. M. de Beer, W. J. Bezuidenhout, H. G. v.d. Westhuizen.
Agter: v.l.n.r.: E. Engelbrecht, J. H. Viljoen, G. J. van Staden, R. Cronje.

„Van der Hoff" Bestuur 1961
Voor: v.l.n.r.: Willie Bezuidenhout (Praeses), Wynand de Beer (Assessor).
Staande: v.l.n.r.: Gert van Staden (Abactis), Nico Brayshaw (Fiscus).

HAUM BOEKHANDEL

Centenary-gebou—Burolaan 17—Posbus 460—Tel. 22014
PRETORIA

RISSIKSTRAAT 10
TEL. 21636
PRETORIA

LYNNWOODWEG 115
TEL. 44476
PRETORIA

CULTURA BOEKHANDEL

KERKSTRAAT 419
TEL. 36224
PRETORIA

BOEKE

. . . . Afrikaans — Nederlands — Engels

KERKLIK

Ned. Hervormde Kerk — N.H.S.V. — Sondagskole

SKRYFBEHOEFTES

Notuleboeke — Skryfbenodigdhede — Skole — Universiteit

KANTOORBENODIGDHEDE

Optelmasjiene — Tikmasjiene — Rekenmasjiene — Staal Kantoormeubels

ONDERSTEUN U EIE BOEKHANDEL
ONS BEVREDIG DIE KIESKEURIGES
KATALOGUS OP AANVRAAG

DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

Ds. A. J. G. Oosthuizen (voorsitter), Ds. J. G. M. Dreyer (vise-voorsitter), Ds. T. F. J. Dreyer (skriba), Ds. A. J. Nolte (vise-skriba), Ds. P. M. Smith, Ds. C. L. v.d. Berg.

Ouderlingslede:

Prof. dr. P. S. Dreyer, Prof. dr. S. P. Engelbrecht, H. A. Smit, P. J. Basson, D. P. J. van Schalkwyk, P. W. van Staden, F. H. Ras, G. W. T. Ooshuizen, J. H. H. Janson.

Raad van Finansies:

Prof. dr. B. de Loor (voorsitter), Ds. A. Ras, Ds. W. F. Huyzers, Ds. A. J. G. Oosthuizen, Ds. T. F. J. Dreyer, Ds. C. S. van H. Steenekamp, Mnr. P. Bentum, Mnr. J. C. Oelofse, Mnr. J. P. Nel. Skriba: Die Administrateur, Posbus 2368, Jacob Marestraat 224, Telefoon 3-5201, Pretoria.

Die Pensioenraad:

Prof. dr. B. de Loor (voorsitter), Ds. G. P. J. Grobler (vise-voorsitter), Ds. A. Ras, Ds. W. M. Wolmarans, Mnr. J. Hoogland. Sekretaris: Die Administrateur.

Die Kuratorium:

Dr. S. P. J. J. van Rensburg (voorsitter), Ds. S. Vermooten (vise-voorsitter), Ds. J. P. v.d. Berg, Drs. L. M. le Roux, Dr. J. I. de Wet, Ds. J. P. Oberholzer, Dr. A. P. Grove. Skriba: Die Administrateur.

Die Raad vir Regsadvies:

Prof. dr. E. S. Mulder (voorsitter), Prof. dr. A. D. Pont, Prof. dr. B. J. Engelbrecht, Ds. J. P. v.d. Berg, Oudl. J. C. Oelofse. Skriba: Die Administrateur.

Die Ondersteuningsraad:

Dr. P. W. Venter (voorsitter), Ds. P. J. L. Bierman (vise-voorsitter), Mev. M. Ras, Mev. A. de Wet, Ds. J. J. Smit, Ds. T. F. Dreyer, Ds. R. P. Botha, Ds. J. C. Kruger, Ds. J. A. Swanepoel, Ds. G. J. J. Labuschagne, Ds. P. W. van Heerden, Ds. I. J. Joubert, Ds. C. S. van H. Steenekamp, Mnr. J. H. Labuschagne, Mnr. J. G. Visser, Mnr. W. N. du Plessis, Mnr. A. P. Malan, Mnr. J. M. A. Klopper, Mnr. C. Norwie, Mnr. P. S. Oelrich (sekretaris).

Die Raad vir Jeugwerk:

Drs. L. M. le Roux (voorsitter), Ds. C. L. v.d. Berg (vise-voorsitter), Ds. J. H. Steenekamp (skriba), Ds. W. J. Roos, Ds. C. J. Smit, Mnr. C. G. de Groot.

Kommissie vir Sondagskool en Kategese:

Ds. P. A. R. C. van Wyk (voorsitter), Ds. C. J. Smit (sekretaris), Ds. S. E. Young, Drs. L. M. le Roux, Ds. J. D. Storm, Ds. H. M. J. Kramer, Dr. J. I. de Wet, Mnr. P. W. van Staden, Mnr. M. J. Fourie.

Kommissie vir Belydende Jeug:

Ds. C. L. v.d. Berg (voorsitter), Ds. J. H. Steenekamp, Ds. C. J. Mans, Ds. J. P. Oberholzer, Ds. W. J. Roos, Ds. J. J. Engelbrecht (jnr.), Dr. J. L. van Staden, Mnr. D. J. Dreyer, Mnr. S. Gous.

Die Raad vir Opvoeding en Onderwys:

Ds. P. M. Smith (saamroeper), Dr. C. K. Oberholzer, Dr. J. I. de Wet, Drs. L. M. le Roux, Dr. J. L. van Staden, Ds. G. P. J. Grobler, Mnr. N. S. Botes.

Die Raad vir Hulpbehoewende Gemeentefonds:

Ds. A. Ras (saamroeper), Ds. A. J. Nolte, Ds. C. S. v. H. Steenekamp, Ds. G. J. van Jaarsveld.

Die Raad vir Kerkargief en Museum:

Prof. dr. S. P. Engelbrecht (saamroeper), Prof. dr. A. D. Pont, Prof. dr. E. S. Mulder, Ds. T. F. J. Dreyer, Ds. T. F. Dreyer, Mev. ds. M. R. Oosthuizen, Mnr. A. B. van N. Herbst, Mev. K. Theron.

Die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke:

Ds. J. J. Engelbrecht (saamroeper), Prof. dr. H. Venter, Dr. A. S. Roux, Dr. F. T. Theron, Lt. Kol. R. v.d. Bergh, Ds. J. M. Fourie, Ds. S. Prins, Ds. S.P. Viljoen.

Die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte:

Prof. dr. F. J. van Zyl (saamroeper), Prof. dr. E. S. Mulder, Prof. dr. B. J. Engelbrecht, Prof. dr. A. van Selms, Prof. dr. A. D. Pont, Prof. dr. S. P. Engelbrecht, Ds. M. M. Grobler.

Die Raad vir Ouderlinge:

Prof. dr. P. S. Dreyer (saamroeper), Oudl. F. H. Ras, Oudl. P. W. van Staden.

Die Raad vir Kerkmusiek:

Prof. dr. A. van Selms (voorsitter), Ds. C. L. v.d. Berg, Mnr. W. Mathlener (eerste sekretaris), Mnr. S. H. Hofmeyer v.d. Merwe (tweede sekretaris).

Die Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis:

Dr. P. J. T. Koekemoer (saamroeper), Ds. P. S. van Staden, Ds. F. van Oosten, Ds. P. G. van Staden.

Raad vir Buitekerklikes:

Ds. C. J. S. van Niekerk (saamroeper), Dr. B. J. v.d. Merwe, Ds. M. J. Naudé, Ds. J. D. H. Smit, Ds. C. G. Botha.

Raad vir die Kerstening van Nie-Christelike Volke:

Prof. dr. P. S. Dreyer (superintendent), Prof. P. J. Coertze, Ds. J. A. P. van Tonder, Ds. P. A. R. C. van Wyk, Ds. W. Huyzers, Ds. J. H. van Staden, Prof. dr. A. D. Pont, Prof. dr. F. J. van Zyl.

Raad vir Arbeid onder Israel:

Ds. J. G. M. Dreyer (saamroeper), Prof. dr. E. S. Mulder, Prof. dr. B. J. Engelbrecht, Ds. J. P. Oberholzer, J. J. Jacobson (Lichtenburg).

Raad vir Ekumeniese Aangeleenthede:

Ds. A. J. van Staden (saamroeper), Ds. C. J. Mans, Ds. D. J. A. G. du Toit, Ds. J. P. Oberholzer, Ds. J. N. Wolmarans, Ds. D. B. Snyman, Prof. dr. A. D. Pont.

Redaksie van die Almanak:

Ds. D. F. Erasmus (redakteur), Ds. S. E. Young, Mnr. A. B. van N. Herbst, Ds. H. M. J. Kramer.

Redaksie van die Hervormer:

Ds. Joh. Dreyer (redakteur), Mev. Marie Dreyer, Dr. P. S. Dreyer, Dr. J. I. de Wet, Drs. L. M. le Roux, Prof. dr. F. J. van Zyl, Ds. G. J. J. Roos.

Die Direksie van die Weeshuis:

Ds. A. J. G. Oosthuizen (voorsitter), Ds. W. F. H. Huyzers, Ds. A. J. Nolte, Ds. J. H. van Staden, Ds. J. G. M. Dreyer, Ds. C. S. van H. Steenekamp. Mnr. A. B. van N. Herbst — Administrateur, Posbus 2368, Jacob Marestraat 224, Telefoon 3-5201, Pretoria.

Jac van Belkum-huis:

Tel. 660-2186, Posbus 262, Krugersdorp.

Andries Hendrik Potgieter-huis:

Telefoon 3-2710, Malherbestraat 51, Capital Park, Pretoria. Prinsipale: Mev. G. C. Viljoen.

Ned. Hervormde Weeshuis Pers:

Telefoon 660-5916/7, Posbus 171, Krugersdorp.

Ned. Hervormde Weeshuis-Bouers:

Telefoon 3-5201, Posbus 2368, Pretoria.

Direkteure van Voortrekkertehuis:

Ds. A. J. G. Oosthuizen, Prof. dr. C. H. Rautenbach, Prof. dr. B. de Loor, Prof. dr. E. S. Mulder, Prof. dr. P. S. Dreyer, Ds. C. G. Botha, Drs. L. M. le Roux, Ds. P. M. Smith, Ds. G. J. J. Roos, Mev. C. G. Botha, Mev. H. P. Wolmarans, Mev. L. M. le Roux, Mnr. J. H. H. Janson, Mnr. A. B. v. N. Herbst.

Die Direksie van Ons Tuis (Tehuis vir Oues-van-dae):

F. P. J. Boshoff (voorsitter), Ds. P. M. Smith (sekretaris, Tel. 70-2371, Buffelsweg 38, Rietondale, Pretoria, Prof. dr. B. de Loor, Mev. M. R. Oosthuizen, Mev. S. C. Borchards, Ds. A. J. G. Oosthuizen, Ds. P. J. L. Bierman, Mev. R. Boshoff, Mnr. J. H. Janson, Mnr. A. J. W. de Bruyn, Mev. A. Schilz, Mev. C. S. Wolmarans. Sekretaresse: Mev. A. Bosman, Telefoon 70-5282, Zoutpansbergweg, Riviera, Pretoria.

Die Korrespondent met Buitelandse Kerke:

Die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Ds. T. F. J. Dreyer, Vindhellaweg 47, Valhalla, Pretoria.

Die Adviserende Raad vir Geestelike Sake van die Radioraad:

Ds. T. F. J. Dreyer.

Verteenwoordigers by die Maatskappy vir Europese Immigrasie:

Ds. T. F. J. Dreyer, Ds. A. J. C. Oosthuizen.

Die Administrateur:

Mnr. A. B. van N. Herbst, Kantoor: Dirk v.d. Hoffgebou, Jacob Marestraat 224, Pretoria, Telefoon 3-5201.

Kerklike Publikasies:

Die Almanak verskyn jaarliks, 30c per eksemplaar.
Die Hervormer verskyn maandeliks. Intekengeld: 75c per jaar.

KAAPSE PREDIKANTE VOOR 1814

1665 Johan van Arckel, Kaapstad 1665, oorlede 12 Jan. 1666.
1666 Johannes de Vooght, Kaapstad, 1666, na Batavia 1666.
1666 Petrus Wagtendorp, Kaapstad 1666, oorlede 15 Feb. 1667.
1667 Adrianus de Vooght, Kaapstad 1667, na Batavia 1674, oorlede 1674.
1674 Rudolphus Meerlandt, Kaapstad 1674, na Batavia 1676, oorlede 1699.
1676 Petrus Hulsenaar, Kaapstad 1676, oorlede 16 Des. 1677.
1678 Johannes Overnei, Kaapstad 1678, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 1690.
1688 Pierre Simond, Drakenstein 1688, na Holland 1702.
1689 Leonardus Terwoldt, Kaapstad 1689, na Batavia 1693.
1694 Hercules van Loon, Kaapstad 1694, na Batavia 1695, Stellenbosch 1700, oorlede 26 Junie 1704.
1695 Petrus Kalden, Kaapstad 1695, na Holland 1708, Ceylon 1722-1737.
1702 Henricus Beck, Drakenstein 1702, Stellenbosch 1707, Kaapstad 1726, emeritus 1731, oorlede 1757.
1707 Engelbertus Franciscus le Bourcq, Drakenstein 1707, na Batavia 1708, oorlede 1748.
1708 Johannes Godefridus d'Ailly, Kaapstad 1708, oorlede 1726.
1714 Petrus van Aken, Drakenstein 1714, oorlede 1724.
1723 Lambertus Slicher, Kaapstad 1723, Drakenstein 1725, oorlede 1730.
1729 Franciscus le Sueur, Kaapstad 1729, emeritus 1746, oorlede 1757.
1731 Johannes Wilhelmus Hersogenraad, Drakenstein 1731, oorlede 27 April 1736.
1732 Henricus Cock, Kaapstad 1732, na Holland 1742, oorlede 1777.
1732 Salomon van Echten, Stellenbosch 1732, Drakenstein 1738, na Holland 1753, oorlede 1771.
1738 Wilhelm van Gendt, Stellenbosch 1738, oorlede 14 Oktober 1744.
1743 Arnoldus Mauritius Meyring, Tulbach 1743, oorlede 1757.
1745 Rugter Andreas Weerman, Swartland 1745, na Batavia 1748.
1746 Ruardus Cloppenburg, Kaapstad 1746, na Holland 1748, oorlede 1751.
1746 Petrus van der Spuy, Kaapstad 1746, Drakenstein 1753, emeritus 1781, oorlede 1809.
1747 Eduard Arentz, Stellenbosch 1747, oorlede 1749.
1750 Christiaan Benjamin Voltelen, Swartland 1750, Kaapstad 1755, oorlede 25 Maart 1758.
1752 Henricus Kroonenburg, Kaapstad 1752, Emeritus 1778, oorlede 24 April 1779.
1753 Johannes Appeldoorn, Stellenbosch 1753, oorlede 29 September 1772.
1754 Gerhardus Croeser, Kaapstad 1754, Swartland 1755, oorlede 26 Mei 1770.
1752 Remmerus Harders, Tulbach 1757, emeritus 1775, oorlede 1807.
1758 Johannes Fredericus Bode, Kaapstad 1758, oorlede 29 Julie 1784.

1760 Johannes Petrus Serrurier, Kaapstad 1760, emeritus 1804, oorlede 3 Februarie 1819.
1774 Daniel Goldbach, Swartland 1774, oorlede 19 Maart 1783.
1777 Phillippus Kuys, Stellenbosch 1777, oorlede 29 Jan. 1785.
1777 Johannes Abraham Kuys, Tulbach 1777, Kaapstad 1794, oorlede Januarie 1799.
1781 Christiaan Fleck, Kaapstad 1781, oorlede 25 Oktober 1820.
1784 Robert Nicolaas Aling, Drakenstein 1784, oorlede 24 April 1800.
1785 Meent Borcherds, Kaapstad 1785, Stellenbosch 1786, emeritus 1830, oorlede 28 Februarie 1832.
1786 Petrus Johannes van der Spuy, Swartland 1786, Drakenstein 1806, oorlede 2 April 1807.
1786 Helperus Ritzema van Lier, Kaapstad 1786, emeritus 1793, oorlede 21 Maart 1793.
1792 Johan Heinrich von Manger, Graaff-Reinet 1792, Swellendam 1798, Kaapstad 1802, emeritus 1839, oorlede 2 Mei 1842.
1794 Michiel Christiaan Vos, Tulbach 1794 tot 1802, Swartland 1810, Caledon 1811, emeritus 1818, oorlede 26 Februarie 1825.
1798 Hendrik Willem Ballot, Graaff-Reinet 1798, Swellendam 1802, Tulbach 1803, oorlede 1814.
1803 Johannes Schutz, Swellendam 1803 tot 1813, Graaff-Reinet 1815 tot 1818.
1806 Johannes Jacobus Kicherer, Graaff-Reinet 1806, Tulbach 1815, oorlede 1825.
1810 Johann Wilhelm Ludwig Gebhardt, Drakenstein 1810, emeritus 1823, oorlede 12 Oktober 1825.
1811 Jacobus Scholtz, Swartland 1811, oorlede 9 November 1827.
1813 Tobias Herhold, George 1813, Drakenstein 1823, Stellenbosch 1831, oorlede 10 Desember 1857.

VROEËRE PREDIKANTE SEDERT 1853

(Die eerste predikante onder die Voortrekkers was die Sendelinge Erasmus Smit en Daniël Lindley.)

1853 D. van der Hoff, Potchefstroom 1853, oorlede 1881.
1861 A. J. Begemann, Pretoria 1861, emeritus 1872, oorlede 1925.
1861 G. W. Smits, Rustenburg 1861, emeritus 1886, oorlede 1894.
1864 N. J. van Warmelo, Zoutpansberg 1864, Heidelberg 1868 (verenig 1885, oorlede 1892).
1864 P. A. C. van Heyningen (Lydenburg 1895) onder die Kerkverband van die Ned. Herv. Kerk 1864 (Kroonstad 1866, emeritus 1894, oorlede 1904).
1875 D. P. Ackerman, Wakkerstroom 1875 (verenig 1885, oorlede 1916).
1875 L. G. F. Biccard (Greytown 1861), Zoutpansberg 1875 (verenig 1885, oorlede 1900).
1876 J. C. de Vries (Hulpprediker Sutherland 1870, Du Toitspan 1873), Zeerust 1876 (Laingsburg 1884, emeritus 1894, oorlede 1906).
1876 H. S. Bosman, Pretoria 1876 (verenig 1885, emeritus 1926, oorlede 1933).
1883 C. W. du Toit (Hanover 1869, Pearston 1875, Kruisvallei 1876), Potchefstroom 1883, emeritus 1918, oorlede 1932.
1887 M. J. Goddefroy (Lage Zwaluwe 1887, Yselmonde 1880, Achlum 1882), Pretoria ca. 1887, Middelburg 1905, emeritus 1917, oorlede 1920.
1891 Jac. van Belkum (Varik 1877, Steenwijk 1882, Zierikzee 1889), Rustenburg 1891, Heidelberg 1903, emeritus 1927, oorlede 1933.

1895 A. Lagerwey (Ankeveen 1881, Helenaveen 1884, Hoogeloon 1886, Maasluis 1889), Heidelberg ca. 1895, oorlede 1898.

1896 C. Spoelstra (Zoeterwoude 1894), Pretoria ca. 1896 (Ned. Herv. Kerk verlaat 1897, Heino 1899, eervol ontslaan 1904, oorlede 1918).

1898 J. Beyer (Lemele 1881, IJselmuiden 1883, Hierden 1886, Hardewijk 1888, Eemnes Binnen 1890), Zeerust 1898, Standerton 1899 (na Holland terug 1900, Beek 1902, Nuenen 1905, emeritus 1907, oorlede 1929).

1899 A. Murray (Standerton 1876, Jacobsdal, O.V.S. 1880), Ventersdorp 1899, Rustenburg 1904, emeritus 1921, oorlede 1930.

1904 L. E. Brandt (Niezijl 1901), Soutpansberg ca. 1904, Johannesburg 1908, Vereeniging ca. 1923, Kensington—Turffontein 1930, oorlede 1939.

1904 Prof. dr. P. J. Muller (Steenwijkerwold 1879, Wolsum 1882, Nijmegen 1884, Rotterdam 1888, Hoogleraar te Amsterdam 1890, Haarlem 1896), Pretoria 1904, emeritus 1909, oorlede 1922.

1905 F. S. du Toit (Nu-Bethesda 1886, Hugenote-Gedenkskool 1899), Ventersdorp ca. 1905, oorlede 1914.

1905 P. W. Ennis (Ermelo 1886), Klerksdorp 1905, emeritus 1928, oorlede 1932.

1907 P. W. van Drimmelen, Zeerust 1907, Pietersburg 1915, oorlede 1919.

1908 C. J. L. Ruysch van Dugteren (Oosterland 1904), Pretoria 1908, bediening neergelê 1911, oorlede 1918.

1908 K. T. van den Heever (Christiana 1899), Makwassie 1908, Ventersdorp 1915 (N.H. of G. Kerk 1915), oorlede 1958.

1909 J. J. Kuhn, Krugersdorp 1909, Lichtenburg 1913, Zwartruggens 1916, Germiston 1929, oorlede 1937.

1909 J. J. Prinsloo J'sa Trichardtsfontein 1909, Bethal 1915, Standerton 1919, Krugersdorp 1920, Rustenburg 1922, Krugersdorp-Wes 1942, Trichardtsfontein 1946, oorlede 1955.

1911 H. C. M. Fourie, Teol. Doct. Erasmus 1911, Johannesburg 1924, Groot Marico 1930, oorlede 1939.

1914 J. H. Greyvenstein, Teol. Dr. (Sutherland 1911), Pretoria 1914, Hoogleraar 1917, emeritus 1946.

1914 S. J. Strydom, Krugersdorp 1914, Makwassie 1919, eervol ontslaan 1928, Gwelo, c.s. 1940, Emeritus 1951.

1914 P. J. Ebersohn, Lichtenburg 1918, Oos-Rand 1920 (N.H. of G. Kerk 1920).

1917 H. D. van Broekhuizen. Teol. Dr. (Pretoria 1898, Kuilsrivier 1902, Pretoria 1917, eervol ontslaan 1925), oorlede 1953.

1918 A. J. Barger (Bovensmilde 1914), Johannesburg 1918, Middelburg 1919, Oos-Londen, 1938, oorlede 1940.

1921 G. E. Alers (Haulerwijk 1914, Monnikendam 1917), Germiston 1921, Lichtenburg 1923, Gwelo 1930, terug na Holland 1932.

1921 Prof. Dr. H. P. Wolmarans, M.A., Zeerust 1922, Pietersburg 1927, Boksburg 1937, Lektor 1935, Hoogleraar 1938, Emeritus 1959, Johannesburg-Suid 1960, Dosent Stoffberg Teologiese skool 1961.

1922 W. P. J. Poën (Hulpprediker Durban 1920), Pietersburg 1922, Potchefstroom 1926, oorlede 1937.

1925 A. R. Smit, Pietermaritzburg 1925, eervol ontslaan 1928, Ned. Herv. Kerk verlaat 1932.

1927 C.H. Rautenbach, Ph. D., Erasmus 1927, Pretoria 1930, Noordelike Pretoria 1934, Lektor 1939, eervol ontslaan 1946, (Rektor U.P.).

1930 P. J. Smit, Losberg 1930, Boksburg—Springs 1939, Springs 1942, oorlede 1943.
1930 J. J. Prinsloo G'sn. B.A., B.D. Johannesburg 1930, Brakpan 1944, oorlede 1960.
1932 J. J. Strydom, Teol. Dr. Zwartruggens 1932, eervol ontslaan 1934.
1939 W. H. Grey, Newlands 1939, oorlede 1950.
1939 W. van Bergen, Th. C. Volksrust 1939, Bethal 1945, Villieria Mei 1949, eervol ontslaan 1958.
1944 P. S. Dreyer, M.A., B.D., Ph.D., Pretoria, Witbank 1945, Potchefstroom-Noord 1950, eervol ontslaan 1953. (Lektor U.P.).
1947 N. J. van Schalkwyk, B.A., B.D., Benoni 1947, Bloemhof c.a. 1949, Silverton 1952, Bediening neergelê 1956, oorlede 1959.
1949 P. G. Geertsema, B.A., B.D., Benoni 1949, Otjiwarongo (e.c.) 1951 Bediening neergelê 1954 (Na Geref. Kerk).
1951 K. H. E. Gravemeyer, Dr. — Predikant in besondere diens 1952, terug na Nederland 1954.
1953 P. S. van der Walt (Eerwaarde), Angola 1953, afgetree 1959.
1953 C. J. Labuschagne, M.A., B.D., (Pta.) Teol. Drs. (Gron), Wolmaransstad 1957, Eervol ontslaan 1960 (Lektor U.P.)
1954 J. A. Don Th.C., Piet Retief 1954, Johannesburg Wes Augustus 1956, eervol ontslaan 1961.
1955 M. J. Redelinghuys, B.A., B.D., Noord-Rhodesië Maart 1955, Melville November 1957. Eervol ontslaan 1961.

DIENSDOENDE PREDIKANTE OP 15 SEPTEMBER 1961

1915 S. Vermooten, Th.C., Zeerust 1915, Potchefstroom 1919, Pretoria 1926, Pretoria-Noord 1949, Losberg 1955.
1918 D. F. Erasmus, Th.C. Pietermaritzburg 1918, Ventersdorp Oktober 1920.
1921 P. J. J. Venter, Lichtenburg 1921, Delarey 1923, Zeerust 1927, Johannesburg 1929, Klerksdorp 1930, Makwassie 1944, Roodepoort 1949, Oos-Londen 1952, Parys/Venterskroon Januarie 1955.
1922 P. S. Grobler, B.A., B.D., Krugersdorp 1922, bediening neergelê 1941, Kensington 1943, Newlands 1951.
1924 A. J. G. Oosthuizen, B.A., B.D., Germiston 1924, Heidelberg 1928, Noordelike Pretoria April 1941.
1924 T. F. J. Dreyer, B.A., B.D., Standerton 1924, Heidelberg 1941, Voortrekkerhoogte November 1954.
1924 J. G. M. Dreyer, B.A., B.D., Lydenburg, ca. 1924, Ermelo ca. 1928, Potchefstroom, Januarie 1938.
1928 M. M. Grobler, B.A., B.D., Brakpan 1928, Eendracht 1944, Wolmaransstad 1949, Bulawayo c.s. 1951 Eastlynne/Bergsig Nov. 1954, Eastlynne, Januarie 1961.
1929 P. W. Venter, M.A.B.D., Ph.D., Volksrust 1929, Durban 1935, Brits 1937, Krugersdorp 1941, Klerksdorp 1946.
1930 J. P. van den Berg, Waterberg 1930, Makwassie 1933, Bloemfontein 1937, afgetree 1948, Evaton Oktober 1957, Johannesburg Noord ca. 1961.
1931 W. F. H. Huyzers, B.A., B.D., Vereeniging 1931, eervol ontslaan 1938, Durban 1939, Boksburg 1942, Krugersdorp 1946, Brixton 1952, Duncanville 1956, Noordewestelike Pretoria, Oktober 1958.
1932 F. J. Z. Booysen, B.A., B.D., Trichardtsfontein 1932, Wolmaransstad 1935, Witbank 1937, Roodepoort 1945, Krugersdorp-Wes 1949, Eendracht 1954, Johannesburg Augustus 1960.

1932 A. Ras, B.A., B.D., Dullstroom c.a. 1932, Volksrust 1936, Vereeniging Oktober 1938.

1932 W. J. Kemp, B.A., B.D., Louis Trichardt 1932, Waterberg 1935, Noord Westelike Pretoria 1946, Afgetree 1954, Virginia c.a. 1960.

1933 S. P. J. J. van Rensburg, B.A., B.D., D.D., Eendracht 1933, Randpoort 1942, Potchefstroom 1947, Potchefstroom-Noord 1948, Pretoria Maart 1950.

1934 J. D. Storm, B.A., B.D., Zwartruggens 1934, Wolmaransstad 1938, Bronkhorstspruit 1947.

1934 C. S. van H. Steenekamp, B.A., B.D., Lichtenburg 1934, Zeerust 1936, Johannesburg-Noord 1938, Windhoek 1938, Noord Westelike Pretoria 1939, Rustenburg 1942, Klerksdorp-Oos 1954, Primrose 1958, Brakpan Februarie 1961.

1934 G. C. Coetzee, B.A., B.D., Delarey c.a. 1934, Lichtenburg 1936, Potgietersrus Julie 1944.

1935 L. M. le Roux, B.A., B.D., Drs., Trichardsfontein 1935, Ermelo 1938, Turffontein 1943, Witbank 1948, Hartebeespoort 1951, Pretoria Oos Februarie 1956.

1936 D. J. van Staden, B.A., B.D., Newlands c.a. 1936, eervol ontslaan 1936, Delarey 1938, Randpoort 1940, Lydenburg c.s. 1941, Oos-Afrika 1948, Lichtenburg 1955, Marble Hall Oktober 1957.

1936 G. P. J. Grobler, B.A., B.D., Potgietersrust c.a. 1936, Ermelo 1943, Boksburg 1946, N.W. Pretoria 1953, Wesmoot 1957.

